# Hersiene
# Nasionale Kurrikulumverklaring
# Graad R-9
# (Skole)

## Tale

### Afrikaans – Eerste Addisionele Taal

DEPARTMENT OF EDUCATION
(Departement van Onderwys)

Gepubliseer deur die Departement van Onderwys

Sol Plaatje-huis
Schoemanstraat 123
Privaatsak X895
Pretoria 0001
Suid-Afrika

Tel: +27 12 312-5911
Faks: +27 12 321-6770

Pleinstraat 120
Privaatsak X9023
Kaapstad 8000
Suid-Afrika

Tel: +27 21 465-1702
Faks: +27 21 461-8110

http://education.pwv.gov.za

© 2002 Departement van Onderwys, Pretoria

ISBN 1-919917-57-8

Staatskoerant, nr. 23406, vol. 443, Mei 2002

Ontwerp en uitleg: Prism Digital, Triple CCC Advertising, Circle Communications

Gedruk vir die Staatsdrukker Pretoria deur FormeSet Drukkers Kaap

Hierdie dokument moet as deel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) gelees word.

Hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) sluit in:

1. 'n Oorsig
2. Agt Leerareaverklarings:
    - Tale
    - Wiskunde
    - Natuurwetenskappe
    - Sosiale Wetenskappe
    - Kuns en Kultuur
    - Lewensoriëntering
    - Ekonomiese en Bestuurswetenskappe
    - Tegnologie

AAN DIE LESER

Die Departement van Onderwys bied hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) met trots in al elf amptelike tale van Suid-Afrika aan.

Die proses van aanpassing en vertaling is kompleks en uitdagend. In baie gevalle moes die terminologie en bewoording vir die kurrikulum deur die mense wat met die dokumente gewerk het, ontwikkel word. Die dokumente is met kundiges in die veld getoets.

Die Departement van Onderwys beskou hierdie dokumente as die begin van 'n proses om ons tale te bevorder en te ontwikkel. Ons verwelkom en moedig mense in die veld aan om hierdie dokumente as grondslag vir verdere ontwikkeling te gebruik.

# HOE OM HIERDIE BOEK TE GEBRUIK

- Vir algemene inligting, verwys na:
  - *Inleiding tot die Nasionale Kurrikulumverklaring* in hoofstuk 1 – Dit sal inligting oor uitkomsgebaseerde onderwys, die Hersiene Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) en leerprogramme verskaf.
  - *Inleiding tot die Leerarea* in hoofstuk 1 – Dit sal ’n inleiding tot die leerareaverklaring, die kenmerke en omvang daarvan en die leeruitkomste verskaf.
  - *Leerderassessering* – Hierdie hoofstuk verskaf riglyne ten opsigte van assesseringsbeginsels in uitkomsgebaseerde onderwys, bespreek deurlopende assessering en verskaf voorbeelde van verslaghouding.
  - Die *Naslaanlyste* bevat sowel ’n algemene woordelys vir *kurrikulum en assessering* as ’n spesifieke *leerareawoordelys.*

- Hierdie boek bestaan uit verskeie hoofstukke. Daar is een hoofstuk vir elkeen van die fases van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband – die Grondslagfase, Intermediêre Fase en Senior Fase. Elkeen van hierdie hoofstukke het ’n kort inleidende gedeelte wat deur die assesseringstandaarde vir die fase gevolg word. Daar is ook ’n hoofstuk oor leerderassessering.

- Die assesseringstandaarde vir elke fase word op so ’n manier aangebied dat dit moontlik is om progressie te volg. Dit beteken dat soortgelyke assesseringstandaarde vir elke graad saam verskyn sodat die onderwyser progressie van jaar tot jaar kan nagaan. As gevolg hiervan is daar van tyd tot tyd oop ruimtes, want nie elke assesseringstandaard het ’n ooreenkomstige een in elke graad nie.

- Sekere simbole word regdeur die boek gebruik om die leser te help om inligting waarna sy of hy soek, op te spoor. Hierdie simbole is:

Assesseringstandaarde

Graad

Leeruitkoms

# INHOUD


## HOOFSTUK 1: INLEIDING 1

INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING 1
Uitkomsgebaseerde Onderwys 1
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerareaverklarings 2
Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme 2
Tydstoekennings 3
Assessering 3
Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word 3
Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word 3

INLEIDING TOT DIE TALE-LEERAREA – AFRIKAANS 4
Definisie 4
Die Toevoegende Benadering tot Veeltaligheid 4
Taal van Leer en Onderrig 5
Doel 5
Unieke Kenmerke en Omvang 6
Tale-leeruitkomste 6

## HOOFSTUK 2: GRONDSLAGFASE (GRAAD R-3) 11

INLEIDING 11
Fokus 11
Die Ontwikkeling van Taalkennis: Grammatika, Woordeskat en Uitspraak 13

LEERUITKOMSTE 14
Leeruitkoms 1: Luister 14
Leeruitkoms 2: Praat 14
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk 14
Leeruitkoms 4: Skryf 14
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer 14
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik 15

ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE 15
Assesseringstandaarde en Tekste vir Graad R 15
Aanbevole Tekste 15
Leeruitkoms 1: Luister 16
Leeruitkoms 2: Praat 16
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk 17
Leeruitkoms 4: Skryf 17
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer 18
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik 19

Assesseringstandaarde en Tekste vir Graad 1-3 20
Aanbevole Tekste 20
Leeruitkoms 1: Luister 24
Leeruitkoms 2: Praat 28
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk 30
Leeruitkoms 4: Skryf 38
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer 40
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik 44

HOOFSTUK 3: INTERMEDIÊRE FASE (Graad 4-6) 49

INLEIDING 49
Fokus 49
Gebruik van Leerders se Huistaal 50

LEERUITKOMSTE 50
Leeruitkoms 1: Luister 50
Leeruitkoms 2: Praat 50
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk 50
Leeruitkoms 4: Skryf 50
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer 51
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik 51

ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE 51
Aanbevole Tekste 51
Leeruitkoms 1: Luister 56
Leeruitkoms 2: Praat 60
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk 64
Leeruitkoms 4: Skryf 70
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer 74
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik 78

HOOFSTUK 4: SENIOR FASE (Graad 7-9) 85

INLEIDING 85
Fokus 85
Studievaardighede vir Lewenslange Leer 85

LEERUITKOMSTE 86
Leeruitkoms 1: Luister 86
Leeruitkoms 2: Praat 86
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk 86
Leeruitkoms 4: Skryf 86
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer 86
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik 87

ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE 87
Aanbevole Tekste 87
Leeruitkoms 1: Luister 92
Leeruitkoms 2: Praat 94
Leeruitkoms 3: Lees en Kyk 98
Leeruitkoms 4: Skryf 104
Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer 108
Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik 110

## HOOFSTUK 5: LEERDERASSESSERING 117

INLEIDING 117

ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD 118
Definisie 118
Kernelemente 118
Doelstellings van Assessering 118

DEURLOPENDE ASSESSERING 119
Kenmerke van Deurlopende Assessering 119
Assesseringstrategieë 120
Algemene Assesseringstake 120

DIE BESTUUR VAN ASSESSERING 120
Mense betrokke by Assessering 120
Skoolassesseringsprogram 121

VERSLAGHOUDING 121
Verslagboeke 121
Kodes vir Gebruik vir Assessering 122
Nasionale Kodes 123
Vorderingskedules 123
Leerderprofiele 123

RAPPORTE 124
Inligting wat in Rapporte moet Verskyn 124
Rapporte/Verslagkaarte 125

## NASLAANLYSTE 126

WOORDELYS: KURRIKULUM EN ASSESSERING 126

WOORDELYS: TALE 128

# HOOFSTUK 1
# INLEIDING

## INLEIDING TOT DIE NASIONALE KURRIKULUMVERKLARING

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet 108 van 1996) verskaf die grondslag vir die transformasie en ontwikkeling van die kurrikulum in Suid-Afrika. Die Aanhef tot die Grondwet verklaar die doelstellings van die Grondwet soos volg:

- Heel die verdelings van die verlede en skep ’n samelewing gegrond op demokratiese waardes, sosiale geregtigheid en fundamentele menseregte.
- Lê die grondslag vir ’n demokratiese en oop samelewing waarin regering op die wil van die bevolking gegrondves is en elke burger gelyk deur die reg beskerm word.
- Verhoog die lewensgehalte van alle burgers en ontsluit die potensiaal van elke mens.
- Bou ’n verenigde en demokratiese Suid-Afrika wat sy regmatige plek as ’n soewereine staat in die gemeenskap van nasies kan inneem.

Onderwys en die kurrikulum speel ’n belangrike rol in die verwesenliking van hierdie doelwitte. Die kurrikulum is daarop gerig om die volle potensiaal van elke leerder as burger van ’n demokratiese Suid-Afrika te ontwikkel.

### Uitkomsgebaseerde Onderwys

Uitkomsgebaseerde onderwys vorm die grondslag vir die kurrikulum in Suid-Afrika. Dit strewe daarna om alle leerders in staat te stel om tot hul maksimum vermoë te presteer. Dit word gedoen deur die uitkomste wat aan die einde van die proses bereik moet word, uiteen te sit. Die uitkomste beklemtoon ’n leerdergerigte en aktiwiteits-gebaseerde benadering tot onderwys. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring bou die leeruitkomste vir die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband vir graad R-9 (vir skole) op die kritieke en ontwikkelingsuitkomste wat deur die Grondwet geïnspireer is en in ’n demokratiese proses ontwikkel is.

Die kritieke uitkomste stel leerders wat tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- Identifiseer en los probleme op en neem besluite deur kritiese en kreatiewe denke.
- Werk doeltreffend saam met ander as lede van ’n span, groep, organisasie en gemeenskap.
- Organiseer en bestuur hulself en hul aktiwiteite verantwoordelik en doeltreffend.
- Versamel, ontleed en organiseer inligting en evalueer dit krities.
- Kommunikeer doeltreffend deur middel van visuele, simboliese en/of taalvaardighede in verskillende vorme.
- Gebruik wetenskap en tegnologie doeltreffend en krities deur verantwoordelikheid teenoor die omgewing en die gesondheid van ander te toon.
- Begryp dat die wêreld ’n stel verwante stelsels is waarin probleme nie in isolasie opgelos word nie.

Die ontwikkelingsuitkomste stel leerders wat ook tot die volgende in staat sal wees, in die vooruitsig:

- Dink na oor en ondersoek 'n verskeidenheid strategieë om doeltreffender te leer.
- Neem as verantwoordelike burgers aan die lewe van die plaaslike, nasionale en wêreldgemeenskap deel.
- Is kultureel en esteties sensitief in verskeie sosiale kontekste.
- Ondersoek opleidings- en beroepsmoontlikhede.
- Ontwikkel entrepreneursgeleenthede.

Vraagstukke soos armoede, ongelykheid, ras, geslag, ouderdom, gestremdheid en uitdagings soos MIV/VIGS beïnvloed die graad waartoe en die manier waarop leerders aan skoling kan deelneem. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) volg 'n inklusiewe benadering deur minimum vereistes vir alle leerders te spesifiseer. Al die leerareaverklarings probeer om 'n bewustheid van die verband tussen sosiale geregtigheid, menseregte, 'n gesonde omgewing en inklusiwiteit te skep. Leerders word ook aangemoedig om kennis van en begrip vir die ryk diversiteit van hierdie land, insluitend die kulturele, godsdienstige en etniese komponente van hierdie diversiteit, te ontwikkel.

## Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerareaverklarings

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) bestaan uit 'n Oorsig en agt Leerarea-verklarings vir:

- Tale
- Wiskunde
- Natuurwetenskappe
- Tegnologie
- Sosiale Wetenskappe
- Kuns en Kultuur
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese en Bestuurswetenskappe.

Elke leerareaverklaring identifiseer die hoofleeruitkomste wat teen die einde van graad 9 bereik moet word. Elke leerareaverklaring spesifiseer ook die assesseringstandaarde wat dit moontlik sal maak om die leeruitkomste te bereik. Assesseringstandaarde word vir elke graad omskryf en beskryf die diepte en wydte van wat leerders behoort te weet en waartoe hulle in staat moet wees. Elke leerareaverklaring se assesseringstandaarde toon hoe konseptuele en vaardigheidsontwikkeling oor tyd heen kan plaasvind. Assesseringstandaarde kan sowel binne grade as oor grade heen geïntegreer word. Die bereiking van 'n optimale verhouding tussen integrasie oor leerareas heen (waar nodig en opvoedkundig korrek) en konseptuele progressie is sentraal tot hierdie kurrikulum.

## Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring: Leerprogramme

Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring is gerig op die bevordering van sowel toewyding as bevoegdheid onder onderwysers, wat verantwoordelik vir die ontwikkeling van hul eie leerprogramme sal wees. Ten einde hierdie proses te steun, sal die Departement van Onderwys beleidsriglyne wat op elke leerareaverklaring gebaseer is, verskaf. Provinsies sal, waar nodig, verdere riglyne ontwikkel ten einde voorsiening vir diversiteit te maak.

Die onderliggende beginsels en waardes van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring se leerareaverklarings is ook onderliggend aan die leerprogramme. Terwyl die leerareas die begrippe, vaardighede en waardes stipuleer wat per graad bereik moet word, spesifiseer leerprogramme die omvang van leer- en assesseringsaktiwiteite per fase. Leerprogramme bevat ook werkskedules wat die tempo en orde van hierdie aktiwiteite vir elke jaar verskaf, asook voorbeelde van lesplanne wat in enige gegewe tydperk geïmplementeer kan word.

In die Grondslagfase is daar drie leerprogramme: Geletterdheid, Gesyferdheid en Lewensvaardighede. In die Intermediêre Fase is Tale en Wiskunde afsonderlike leerprogramme. Leerprogramme moet verseker dat die voorgeskrewe uitkomste vir elke leerarea doeltreffend en volledig gedek word. Skole kan, na aanleiding van hul organisatoriese vereistes, op die aantal en aard van ander leerprogramme in die Intermediêre Fase besluit, mits die nasionale prioriteite en ontwikkelingsbehoeftes van leerders in 'n fase in ag geneem word. In die Senior Fase is daar agt leerprogramme gebaseer op die leerareaverklarings.

## Tydstoekennings

Kragtens die Wet of die Indiensneming van Opvoeders (1998), sal die formele skooldag vir opvoeders sewe uur wees. Kragtens die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (1996), is die formele onderrigtyd per week 35 uur. Dit word uiteengesit in: (i) Oorsig-dokument ISBN 1-919917-08-X, bladsy 17 en 18
(ii) Staatskoerant nr. 23406, Vol. 443, Mei 2002, bladsy 26 en 27.

## Assessering

Elke leerareaverklaring bevat 'n omvattende afdeling oor assessering. 'n Uitkomsgebaseerde raamwerk gebruik assesseringsmetodes wat uiteenlopende kontekstuele faktore omvat. Assessering behoort doeltreffende aanduidings van leerderprestasie te verskaf en behoort te verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering behoort leerders ook te help om hul eie prestasievlak te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en om verdere leer aan te moedig.

## Die Soort Onderwyser wat in die Vooruitsig gestel word

Alle onderwysers en ander opvoeders lewer 'n kernbydrae tot die transformasie van onderwys in Suid-Afrika. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-9 (Skole) stel onderwysers in die vooruitsig wat gekwalifiseer, bekwaam, toegewyd en deernisvol is. Hulle sal in staat wees om die verskeie rolle wat in die Norme en Standaarde vir Opvoeders beskryf word, te vervul. Hiervolgens word onderwysers as fasiliteerders van leer, vertolkers en ontwerpers van leerprogramme en leerstof, leiers, administrateurs en bestuurders, vakkundiges, navorsers en lewenslange leerders, gemeenskapslede, burgers en beraders, assessors en deskundiges van leerareas of leerfases beskou.

## Die Soort Leerder wat in die Vooruitsig gestel word

Die bevordering van waardes is nie slegs belangrik vir persoonlike ontwikkeling nie, maar ook om te verseker dat 'n nasionale Suid-Afrikaanse identiteit gebou word op waardes wat verskillend is van dié wat apartheidsonderwys onderlê het. Die soort leerder wat in die vooruitsig gestel word, is een wat met hierdie waardes besiel sal wees en wat in die belange van 'n samelewing gegrond op agting vir demokrasie, gelykheid, menswaardigheid, lewe en sosiale geregtigheid sal optree. Die kurrikulum stel in die vooruitsig 'n lewenslange leerder wat vrymoedig en onafhanklik, geletterd, gesyferd, veelvaardig en deernisvol is, met respek vir die omgewing en met die vermoë om as 'n kritiese en aktiewe burger aan die samelewing deel te neem.

# INLEIDING TOT DIE TALE-LEERAREA – AFRIKAANS

## Definisie

Die leerarea Tale sluit die volgende in:

- al elf amptelike tale, naamlik Afrikaans, Engels, isiNdebele, isiXhosa en isiZulu, Sepedi, Sesotho, Setswana, SiSwati, Tshivenda, Xitsonga;
- tale wat deur die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PANSAT) en die Suid-Afrikaanse Sertifiseringsraad (SAFSERT) goedgekeur is, naamlik Suid-Afrikaanse gebaretaal en Braille.

Die leerareaverklaring vir elke amptelike taal verskyn in drie afsonderlike dele: Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal.

In ’n veeltalige land soos Suid-Afrika is dit belangrik dat leerders ’n hoë taalbevoegdheidsvlak in minstens twee tale bereik en dat hulle in staat is om in ander tale te kommunikeer.

## Die Toevoegende Benadering tot Veeltaligheid

Die Tale-leerarea volg die Departement van Onderwys se taal-in-onderwys-beleid. Hierdie beleid gee aan skoolbeheerrade die verantwoordelikheid om ’n taalbeleid vir skole te kies wat gepas vir hul omstandighede is en wat by die beleid van toevoegende veeltaligheid aansluit. Die Tale-leerareaverklaring verskaf ’n kurrikulum wat ondersteunend is van watter besluit ’n skool ook al neem. Dit volg ’n toevoegende benadering tot veeltaligheid:

- Alle leerders leer hul huistaal en minstens een addisionele amptelike taal.
- Leerders raak bevoeg in ’n addisionele taal, terwyl hul huistaal gebruik en ontwikkel word.
- Alle leerders leer ’n Afrika-taal vir minstens ses jaar teen die einde van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband. In sommige omstandighede kan dit as ’n tweede addisionele taal geleer word.

Die huis-, eerste en tweede addisionele taal word op verskillende maniere benader:

- Die huistaal-assesseringstandaarde veronderstel dat leerders wat skool begin, die taal kan verstaan en kan praat. Dit ondersteun die ontwikkeling van hierdie bevoegdheid, veral ten opsigte van verskillende soorte geletterdheid (lees-, skryf-, visuele en kritiese geletterdheid). Dit verskaf ’n sterk kurrikulum om die taal van onderrig en leer (TOL) te ondersteun.
- Die eerste addisionele taal veronderstel dat leerders nie noodwendig enige kennis van die taal het wanneer hulle skool begin nie. Die kurrikulum begin deur leerders se vermoë om die taal te verstaan en te praat, te ontwikkel. Op hierdie fondament word geletterdheid gebou. Leerders is in staat om die geletterdhede wat hulle in hul huistaal verwerf het, na die eerste addisionele taal oor te dra. Die kurrikulum verskaf sterk ondersteuning aan leerders wat hul eerste addisionele taal in die een of ander stadium tydens die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband as onderrigtaal sal gebruik. Teen die einde van graad 9 behoort hierdie leerders hul huis- en eerste addisionele taal doeltreffend en vrymoedig vir verskeie doeleindes, asook vir leer, te gebruik.
- Die tweede addisionele taal is bedoel vir leerders wat drie tale wil leer. Die derde taal kan ’n amptelike of ’n vreemde taal wees. Die assesseringstandaarde verseker dat leerders in staat is om die taal vir algemene kommunikatiewe doeleindes te gebruik. Daar word veronderstel dat minder tyd aan die leer van die tweede addisionele taal as aan die huistaal of eerste addisionele taal toegeken sal word.

Die Tale-leerarea maak voorsiening vir al elf amptelike tale as:
- huistaal;
- eerste addisionele taal; en
- tweede addisionele taal.

## Taal van Leer en Onderrig

Daar word aanbeveel dat leerders se huistaal so ver moontlik vir die doel van leer en onderrig gebruik word. Dit is veral belangrik in die Grondslagfase wanneer kinders leer lees en skryf.

Indien dit vir leerders nodig is om vir leer en onderrig van hul huistaal na ’n addisionele taal oor te skakel, moet die oorskakeling noukeurig beplan word:
- Die addisionele taal behoort so vroeg moontlik as vak bekendgestel te word.
- Die huistaal behoort so lank moontlik saam met die addisionele taal gebruik te word.
- Indien ’n leerder by ’n skool inskryf waar die taal van onderrig en leer ’n addisionele taal vir die leerder is, behoort onderwysers en die skool voorsiening te maak vir spesiale ondersteuning en addisionele leer in die addisionele taal, totdat dit vir die leerder moontlik is om doeltreffend in die onderrigtaal te leer.

## Doel

Taal is sentraal in ons lewens. Ons kommunikeer en verstaan ons wêreld deur taal. Taal vorm dus ons identiteit en ons kennis.

Tale het ’n aantal belangrike doelwitte wat in die Tale-leerareaverklaring weerspieël word. Dit is:
- *Persoonlik* – ontwikkel en handhaaf identiteit; handhaaf hegte verhoudings binne gesins-, familie- en gemeenskapsverband; vir persoonlike ontwikkeling en genot.
- *Kommunikasie* – kommunikeer gepas en doeltreffend in ’n verskeidenheid sosiale kontekste
- *Opvoedkundig* – ontwikkel instrumente vir dink en redeneer en verkry toegang tot inligting.
- *Esteties* – gaan skeppend en met verbeelding om met mondelinge, visuele en geskrewe tekste.
- *Kultureel* – toon begrip en waardering vir tale en kulture, asook vir die erfeniswaarde wat dit oordra.
- *Polities* – wees handhawend en bevraagteken ander; oorreed ander van ’n spesifieke standpunt; posisioneer self en ander; handhaaf, ontwikkel en transformeer identiteit.
- *Krities* – verstaan die verband tussen taal, mag en identiteit en bevraagteken die gebruike daarvan waar nodig; verstaan die dinamiese aard van kultuur; weerstaan, waar nodig, oorreding en posisionering.

## Unieke Kenmerke en Omvang

### Hoe dra die Tale-leerarea tot die kurrikulum by?

- Dit ontwikkel lees en skryf, wat die grondslag vir alle ander belangrike geletterdheidsvorme vorm.
- Dit is die medium waardeur 'n groot deel van ander leer in die kurrikulum plaasvind, soos in wiskunde en die sosiale wetenskappe.
- Dit moedig interkulturele begrip, toegang tot ander perspektiewe en 'n kritiese begrip van die konsep kultuur aan.
- Dit stimuleer verbeeldings- en skeppende aktiwiteite en bevorder sodoende die doelwitte van kuns en kultuur.
- Dit voorsien 'n manier van inligtingsoordrag en bevorder verskeie doelwitte van wetenskap-, tegnologie- en omgewingsopvoeding.
- Dit ontwikkel die kritiese bevoegdhede nodig om verantwoordelike burgers te word.

### Tale: 'n kombinasie van kennis, vaardighede en waardes

Daar is ses hoofleeruitkomste:

- Die eerste vier leeruitkomste dek vyf verskillende taalvaardighede (luister, praat, lees, kyk en skryf).
- Leeruitkoms 5 hou verband met die gebruik van taal vir dink en redeneer, wat veral belangrik vir die taal van leer en onderrig is. Hierdie leeruitkoms is nie in die kurrikulum vir tweede addisionele tale ingesluit nie, aangesien dit die doel van hierdie leeruitkoms is om leerders voor te berei om dit as die taal van leer en onderrig te gebruik.
- Leeruitkoms 6 hou verband met die kern van taal – klanke, woorde en grammatika – in tekste. Hierdie kennis word deur die taalvaardighede wat in die ander leeruitkomste beskryf word, toegepas.

Hierdie leeruitkomste is geskryf om op spesifieke soorte kennis en vaardighede te fokus, asook om dit duidelik en toeganklik te maak. Wanneer ons taal gebruik, integreer ons egter kennis, vaardighede en waardes om ons uit te druk. Die integrasie van hierdie taalaspekte deur die skep en interpretasie van tekste is dus 'n sentrale beginsel van die Tale-leerareaverklaring.

## Tale-leeruitkomste

### Leeruitkoms 1: Luister

**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.**

### Leeruitkoms 2: Praat

**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.**

## Leeruitkoms 3: Lees en Kyk

**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.**

## Leeruitkoms 4: Skryf

**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ’n wye verskeidenheid doeleindes te gebruik.**

## Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer

**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.**

## Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik

**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.**

### Die integrasie van uitkomste

Luister, praat, lees en kyk, skryf, dink en redeneer, en kennis van klanke, woorde en grammatika behoort, alhoewel dit as aparte leeruitkomste aangebied word, tydens onderrig en assessering geïntegreer te word.

Byvoorbeeld, leerders:

- luister na ’n spesifieke soort teks (soos ’n beskrywing van ’n proses soos gouddelwery of papiermaak);
- lees en ontleed belangrike kenmerke van ’n ander teks van dieselfde soort (soos die gebruik van die teenwoordige tyd, passiewe vorm, verbindingswoorde soos “eers”, “dan”, “daarna”);
- ontwerp en skep ’n nuwe teks van dieselfde soort, insluitend visuele materiaal in die vorm van ’n vloeidiagram.

### Die skep en interpreteer van tekste

- Om in staat te wees om tekste te skep en te interpreteer, benodig leerders kennis van taal, kennis van tekste, asook taalvaardighede en -strategieë.

Tekste kan die volgende insluit:
- mondeling, soos ’n toespraak;
- skriftelik, soos ’n brief;
- ’n kombinasie van skriftelike en visuele tekste, soos ’n advertensie;
- multimedia, soos ’n film- of televisieteks.

Kennis van taal en tekste sluit kennis rakende die volgende in:
- konteks – die doel, onderwerp en teikengroep;
- teksstruktuur, soos van ’n gedig of advertensie;
- taalverwante sosiale gebruike en konvensies, soos groetvorme in verskillende tale;
- grammatika, klanke en woordeskat van die taal;
- skryf en spelling in geskrewe tekste;
- beelde en ontwerp in visuele tekste.

## Integrasie van die leer van taal: waardes

Alle tekste dra waardes oor wat positief (bv. demokraties) of negatief (bv. seksisties, rassisties) kan wees. Hierdie waardes is nie altyd ooglopend nie. Leerders behoort bewus van en krities te wees oor waardes in die tekste wat hulle lees, waarna hulle kyk en wat hulle self skep.

Wanneer hulle waardes in mondelinge, visuele en geskrewe tekste ontleed en, waar nodig, bevraagteken, sal leerders:
- leer hoe tekste ’n bepaalde standpunt teenoor mense en gebeure oordra;
- die kritiese vaardighede ontwikkel om hierdie standpunte en die gepaardgaande waardes te ondersoek en, indien nodig, te verwerp;
- bewus raak van hoe hulle waardes uitdruk wanneer hulle self tekste skep – soos verdraagsaamheid, empatie, respek, genot, humor, speelsheid, ontevredenheid, woede.

## Integrasie van die leer van taal: temas

Taalleer kan ook deur temas geïntegreer word. Die gebruik van ’n tema laat die leerder toe om woordeskat wat by die onderwerp aansluit, op te bou.

’n Sorgvuldige keuse van onderwerpe en temas prikkel die leerder se belangstelling. Om dit te bewerkstellig, behoort die onderwyser die volgende te doen:
- Vind ’n balans tussen onderwerpe en temas wat meisies en seuns en plattelandse en stedelike leerders interesseer, en temas wat hierdie verdelings oorbrug en leerders verenig.
- Kies onderwerpe wat relevant tot leerders se lewens is en hulle tog verby dit wat hulle reeds weet, neem. Hulle kan byvoorbeeld van ander lande en kulture leer.
- Kies temas en onderwerpe wat by die kritieke uitkomste en die ontwikkelingsuitkomste aansluit. Leerders behoort byvoorbeeld ’n bewustheid te ontwikkel van belangrike menseregte- en omgewingskwessies, soos armoede, MIV/VIGS, die reg op grond, en verbruikersdruk.

## Menseregte en omgewingsgeregtigheid

Taal is 'n belangrike instrument om begrip van menseregte en omgewingsgeregtigheid te ontwikkel. Deur die assesseringstandaarde wil die Tale-leerareaverklaring hierdie instrument tot sy volle potensiaal ontwikkel. Leerders behoort vrymoedige tweetaliges (of veeltaliges) te word wat die kritiese instrumente het om hul wêreld en die mondelinge en geskrewe tekste daaroor te lees. Hulle behoort in staat te wees om hierdie tekste op maniere wat moontlikhede ten opsigte van sowel menseregte as omgewingsgeregtigheid verbreed, te "herskryf".

# HOOFSTUK 2
# GRONDSLAGFASE
# (Graad R-3)

## INLEIDING

Baie leerders sal uiteindelik party van hul ander leerareas deur die medium van hul addisionele taal leer. Hulle moet in hul addisioneletaalklasse hierop voorberei word. Hulle behoort byvoorbeeld in hul addisionele taal te kan konseptualiseer en uitdagende vrae te kan stel en beantwoord.

Handboeke in graad 4 vereis ’n leeswoordeskat van etlike duisende woorde. Een van die addisioneletaalklas se hooftake in die Grondslagfase is om leerders hierdie woordeskat te help verwerf. Onderwysers behoort bereikbare teikens vir woordeskatontwikkeling te stel deur byvoorbeeld gereeld vasvrae te hou en woordraaisels te gee.

## Fokus

### Die begin – Graad R en 1

Wanneer leerders ’n addisionele taal aanleer, verwerf hulle dit hoofsaaklik deur te luister. Hulle luister byvoorbeeld na stories wat ingeboude herhaling van nuwe woorde en strukture bevat. Die storieverteller gebruik gebare, prente en alledaagse voorwerpe om betekenis duidelik te maak. Leerders begin verstaan wat hulle hoor. Hulle begin woorde, strukture, klanke en kommunikasiemetodes aanleer. In hierdie stadium is hul begrip van die taal veel groter as hul vermoë om dit te praat. Algaande leerders se selfvertroue en begrip toeneem, sal hulle begin praat.

Hulle sal die volgende doen:
- gebruik algemene vaste uitdrukkings (soos groetvorme);
- herhaal woorde wat dikwels gebruik word;
- beantwoord eenvoudige vrae in een of twee woorde;
- is in staat om maklike liedjies te sing;
- kan aksierympies opvoer.

Dit sal moontlik nodig wees dat leerders hul huistaal gebruik wanneer hulle byvoorbeeld gesels oor hoe ’n storie hulle laat voel. Hulle sal voortdurende lof en aanmoediging nodig hê ten einde in vrymoedige gebruikers van die taal te ontwikkel.

### Vormende geletterdheid

Dit is belangrik om ’n goeie begrip van gesproke taal as fondament vir verdere taalontwikkeling te ontwikkel. Dit sluit kennis van grammatika en woordeskat in, wat op natuurlike wyse geleer word soos kinders na hul addisionele taal luister en dit begin gebruik. Hierdie fondament is belangrik wanneer kinders hul nuwe taal begin lees en skryf. Om na stories te luister, vorm ook deel van die fondament vir lees en skryf. Kinders leer wat stories se struktuur is. Hierdie soort kennis word “vormende geletterdheid” genoem. Daar is ander maniere waarop kinders hul geletterdheid in die addisionele ontwikkel, byvoorbeeld deur:

- ’n teken in die omgewing raak te sien en te weet dat dit iets spesifieks beteken;
- die gebruik van rympies met woordspel wat help om ’n bewustheid van die verskillende klanke in die nuwe taal te ontwikkel (klankbewustheid);
- te probeer om in hul nuwe taal te lees en skryf, selfs al lyk hul skrif soos krabbels op ’n bladsy.

Onderwysers behoort hierdie geletterdheidsgedrag aan te moedig. Hulle moet ook seker maak dat leerders talle prenteboeke met baie eenvoudige onderskrifte lees.

## Vordering – Graad 2

Sodra leerders in hul huistaal kan lees en skryf, sal hulle hul geletterdheidsvaardighede kan gebruik om in hul nuwe taal te lees en skryf. Hul vermoë om hierdie vaardighede oor te dra, sal van hul kennis van die nuwe taal afhang, veral van hul kennis van woordeskat en grammatika.

*Voorbeeld:*

- Hulle kan dalk die volgende sin in ’n storie in hul huistaal lees (bv. in isiXhosa): “Umajozi utsiba ucingo. Luphakamile kakhulu”.
- ’n Kind wat dieselfde sin in Afrikaans probeer lees, kan hul kennis van skrif en klanke gebruik om die woorde te klank: “Majozi spring oor die draad. Dit is baie hoog.”
- Alhoewel verskeie letters dieselfde klanke verteenwoordig, verskil sommige. Die “c” is byvoorbeeld ’n kliek en daar is glad nie ’n “c” in die Afrikaanse sin nie. Dit is belangrik dat die woorde “spring oor”, “draad” en “baie hoog” deel van die kinders se mondelinge woordeskat moet wees en hulle moet besef dat “dit” grammaties na die draad verwys.

Kinders het natuurlik reeds in hul huistaal geleer hoe om illustrasies te gebruik om woordbetekenis te help vasstel. Hulle gebruik dus die huistaal, maar moet tog die unieke kenmerke van die addisionele taal verstaan.

## Aanmoediging van vaardigheidsontwikkeling

Leerders sal voortgaan om hul luister- en praatvaardighede te ontwikkel. Hulle behoort na langer tekste met meer gevarieerde woordeskat en grammatika te kan luister. Leerders kan aangemoedig word om meer te praat en om vrae te vra wanneer hulle nie verstaan nie. Dit sal moontlik soms vir hulle nodig wees om kodewisseling toe te pas (soos wanneer hulle persoonlik op ’n storie reageer), maar hulle behoort aangemoedig te word om die Afrikaans wat hulle wel ken, sover moontlik te gebruik. Hulle behoort aan eenvoudige gesprekke oor bekende onderwerpe te kan deelneem.

Ten einde hul leesvaardigheid te ontwikkel, behoort leerders talle boeke met die gepaste taalvlak te lees. ’n Wye woordeskat is belangrik en leerders behoort ’n persoonlike woordeboek te begin saamstel. Daar bestaan ’n hegte verband tussen lees en skryf. Deur baie te lees, leer kinders goed skryf. Op hierdie vlak sal skryfwerk in die nuwe taal hoofsaaklik uit die volgende bestaan:

- die skryf van byskrifte (soos in tekeninge);
- die saamstel van verskillende soorte lyste;
- die oorskryf en skryf van sinne.

### Vaslegging van vordering – Graad 3

Leerders behoort hul vermoë om in hul nuwe taal te lees en skryf, te konsolideer. Hulle behoort 'n groot verskeidenheid fiksie- en nie-fiksie-tekste van 'n geskikte vlak onafhanklik te lees. Hulle behoort hul woordeskat steeds uit te brei deur 'n persoonlike woordeboek saam te stel.

Leerders behoort aangemoedig te word om in hul nuwe taal te skryf. Aanvanklik beteken dit hulle skryf enkele woorde of frases as byskrifte vir prente of voltooi sinne. Die onderwyser behoort leerders se skryfwerk te ondersteun deur die volgende te verskaf:

- sinsrame (bv. Ek eet graag ...);
- rame vir die skryf van eenvoudige tekste (bv. 'n boekverslag).

Wanneer leerders in staat is om 'n taak onafhanklik uit te voer, kan die rame verwyder word en kan hulle aangemoedig word om sonder hulp te skryf. Leerders moet weet hulle hoef nie bang te wees om foute te begaan nie. Onthou, ons doel is om hul selfvertroue en vlotheid te bevorder.

Leerders gaan voort om hul lees- en praatvaardighede te ontwikkel, om aan besprekings deel te neem, om na langer tekste te luister en om tekste van 'n meer gevarieerde aard te lewer. Hulle behoort uitdagende take te kry wat hul addisionele taal ten volle ontwikkel.

## Die Ontwikkeling van Taalkennis: Grammatika, Woordeskat en Uitspraak

Leerders moenie taalreëls of woordeskatlyste kry om te leer nie. Hulle sal grammatika, woordeskat en uitspraak binne konteks op die volgende maniere leer:

- Hulle sal herhaaldelik na taalstrukture, woorde en klanke luister en dit in geskrewe tekste lees.
- Hulle sal gereeld onbekende woorde in hul persoonlike woordeboek neerskryf, dit leer en gebruik.

Tydens die eerste jare wat 'n addisionele taal aangeleer word, is vlotheid (die vermoë om te verstaan en vrymoedig te kommunikeer) belangriker as akkuraatheid. Die ontwikkeling van 'n breë woordeskat is die sleutel tot vlotheid. Die onderwyser behoort 'n omgewing ryk aan taal op 'n vlak wat leerders kan verstaan, te skep. Leerders behoort nuwe woordeskat gedurig te gebruik en vas te lê. Die onderwyser kan leerders ook help om die volgende te doen:

- bou woordeskat rondom onderwerpe en temas op;
- let op na die manier waarop woorde gevorm word (soos oud/ou);
- bring nuwe woorde in verband met ooreenstemmende woorde in hul huistaal.

Sodra kinders lees en skryf, kan hulle hul woordeskat ontwikkel deur baie te lees en deur woorde sistematies in hul persoonlike woordeboeke aan te teken en dit te leer.

# LEERUITKOMSTE

## Leeruitkoms 1: Luister

**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne ’n wye verskeidenheid situasies te reageer.**
Leerders behoort gereeld na die addisionele taal op die gepaste vlak te luister. Dit vorm die grondslag vir die ontwikkeling van al die ander taalvaardighede.

## Leeruitkoms 2: Praat

**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ’n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.**
Leerders sal hulself op eenvoudige maniere in die addisionele taal moet begin uitdruk. Hulle sal oor kultuur- en taalgrense heen begin kommunikeer. Hulle behoort deur ervaring te leer dat veeltaligheid persoonlik en sosiaal verrykend is.

## Leeruitkoms 3: Lees en Kyk

**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.**
Lees is noodsaaklik vir taalontwikkeling, om te leer skryf, vir genot en om meer van die wêreld te leer. Leestekste verskaf die vertrekpunt vir die geïntegreerde onderrig en leer van ander taalvaardighede.

## Leeruitkoms 4: Skryf

**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ’n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.**
Skryf skakel nou met lees en is ’n noodsaaklike instrument om oor die kurrikulum heen te leer. Om goed in die addisionele taal te leer skryf, is noodsaaklik indien leerders sommige van hul ander leerareas in hierdie taal bestudeer.

## Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer

**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.**
Leerders sal konsepte begin verstaan en sal strategieë aanleer om in hul ander leerareas te dink en inligting te verkry. Dit is noodsaaklik dat leerders dit in hul addisionele taal kan doen indien hulle dié taal gaan gebruik om party van hul ander leerareas te bestudeer.

## Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik

**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.**

Grammatika en woordeskat is die boustene van taal. Woordeskat is die sleutel tot vlotheid. Indien leerders teen die einde van graad 9 dieselfde bevoegdheidsvlak in hul huistaal en addisionele taal wil bereik, behoort woordeskatontwikkeling vanaf graad R en verder 'n prioriteit te wees.

## ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE

**Let Wel:**

- In die volgende afdelings word die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir elke graad gegee. Voorbeelde van tekste wat vir geïntegreerde taalleer gebruik kan word, word verskaf. Dit it nie die enigste moontlike voorbeelde nie en onderwysers kan enige ander gepaste en beskikbare tekste byvoeg.
- Onderwysers moet in gedagte hou dat nie alle leerders graad R bygewoon het nie. Dit is nodig dat begrippe, vaardighede en strategieë vir graad R in graad 1 onderrig en vasgelê word.

## Assesseringstandaarde en Tekste vir Graad R

### Graad R

### Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Eenvoudige instruksies
- Gedramatiseerde stories wat met gebare, prente en alledaagse voorwerpe ondersteun word, asook heelwat natuurlike herhaling van woorde, frases, sinne (soos refreine waaraan leerders deelneem)
- Aksierympies
- Liedjies
- Speletjies (ook uit ander kulture en tradisies)

**Visueel/Geskrewe:**

- Prenteverhale, ook met baie eenvoudige onderskrifte

**Multimedia:**

- Eenvoudige TV-programme

## Graad R

### Leeruitkoms 1

**LUISTER**
Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan kort, eenvoudige gedramatiseerde stories:
  - doen op gepaste plekke aan 'n koor mee (soos: "Hy hoes en hy proes en hy *blaas die huis om*");
  - teken 'n prent van die storie;
  - skakel die storie met eie lewe, met bespreking in die huistaal.
- Verstaan eenvoudige mondelinge instruksies en reageer fisiek daarop (soos: "Staan op! Kom hier, asseblief").
- Toon respek vir klasmaats deur hulle kans te gee om te praat en na hulle te luister.

### Leeruitkoms 2

**PRAAT**
Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik en reageer gepas op eenvoudige groetvorme en bedankings.
- Memoriseer en voer liedjies en aksierympies op met gepaste intonasie, ritme en uitspraak.
- Gebruik hoflikheidsvorme (asseblief, dankie, jammer).

## Graad R

### Leeruitkoms 3

**LEES EN KYK**
Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Herken sommige hoëfrekwensiewoorde in die media (handelsname) en in die omgewing (soos: Stop, Omo).
- Benoem die klank waarmee sy/haar eie naam begin (eerste stap tot klankbewustheid).
- Lees rympies en liedjies wat klankbewustheid ontwikkel.
- Lees prenteboeke.

### Leeruitkoms 4

**SKRYF**
Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Teken prente waarop die onderwyser byskrifte skryf.
- Verstaan dat skrif en tekeninge verskillend is.
- Verstaan die doel van skrif – dat dit betekenis oordra.
- Kopieer eenvoudige woorde wat hy/sy reeds mondelings ken.
- Probeer self om te skryf, soos om eie naam te probeer skryf.

## Graad R

### Leeruitkoms 5

**DINK EN REDENEER**

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan begrippe en sekere woordeskat wat verband hou met:
  - identiteit (soos: My naam is ... );
  - getalle (soos: een, twee, drie);
  - grootte (soos: klein, groot);
  - kleur (soos: rooi, geel).
- Identifiseer ooreenkomste, soos om op ’n opdrag soos “Sit al die geles bymekaar” te reageer.

## Graad R

### Leeruitkoms 6

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon 'n mate van begrip van vraagvorme in mondelinge tekste (soos: Wat ...? Wie ...? Hoe ...? Hoeveel ...? Watter ...? Kan ...?).
- Toon 'n mate van begrip van die teenwoordigetydsvorm in mondelinge tekste (soos: Ek hou van skool; Ek lees).
- Toon 'n mate van begrip van bevele in mondelinge tekste (soos: Kom hier; Moenie sit nie).
- Toon 'n mate van begrip van enkele hulpwerkwoorde in mondelinge tekste (soos: Ek kan spring; Ek wil spring).
- Toon 'n mate van begrip van negatiewe vorme in mondelinge tekste (soos: Ek raas nie; Ek hou nie van vleis nie).
- Toon 'n mate van begrip van meervoudsvorme in mondelinge tekste (soos: boek/boeke).
- Toon 'n mate van begrip van persoonlike voornaamwoorde in mondelinge tekste (soos: ek, jy, hy, sy, ons, julle, hulle).
- Toon 'n mate van begrip van voorsetsels in mondelinge tekste (soos: in, by, met, op).
- Toon 'n mate van begrip van adjektiewe (soos: groot, klein) en bywoorde (soos: vinnig, stadig) in mondelinge tekste.
- Verstaan tussen 200 tot 500 algemene woorde in mondelinge tekste in konteks.

## Assesseringstandaarde en Tekste vir Graad 1–3

### Graad 1

### Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Eenvoudige instruksies
- Stories ondersteun met gebare, prente en alledaagse voorwerpe, asook natuurlike herhaling (soos refreine)
- Radiostories en stories op oudioband
- Vertellinge
- Eenvoudige beskrywings
- Aksierympies
- Liedjies
- Speletjies
- Raaisels en grappies

**Visueel/Geskrewe:**

- Prenteverhale en prenteboeke met eenvoudige onderskrifte (ook uit ander kulture en tradisies)
- Rympies
- Foto's
- Tydskrifprente

**Multimedia:**

- TV-kinderprogramme
- Video's
- CD-ROM's en internet (indien beskikbaar)

## Graad 2

## Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Instruksies wat toenemend kompleks is
- Vertellinge (eenvoudige stories, fabels, legendes)
- Radiostories en stories op oudioband
- Oorvertel van gebeure
- Eenvoudige beskrywings
- Woordprobleme (taal oor die kurrikulum heen – wiskunde)
- Aksierympies
- Liedjies
- Gedigte
- Speletjies
- Raaisels en grappies

**Visueel/Geskrewe:**

- Eenvoudige stories (ook uit ander kulture en tradisies)
- Lyste (soos inkopielyste)
- Vertellinge
- Eenvoudige beskrywings
- Liedjies
- Rympies en gedigte
- Instruksies (soos hoe om ’n papiervliegtuigie te maak)
- Eenvoudige diagramme (soos ’n tydlyn vir geskiedenis)
- Eenvoudige woordprobleme (wiskunde)
- Tydskrifprente
- Foto’s

**Multimedia:**

- TV-kinderprogramme
- Eenvoudige TV-advertensies
- Video’s, CD-ROM's en internet (indien beskikbaar)

## Graad 3

## Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Instruksies wat toenemend kompleks is
- Vertellinge (stories, fabels, legendes – ook uit ander kulture)
- Radiostories en stories op oudioband
- Beskrywings
- Dialoë en gesprekke
- Radioadvertensies
- Liedjies
- Gedigte
- Raaisels en grappies
- Speletjies

**Visueel/Geskrewe:**

- Boeke (fiksie en nie-fiksie – ook uit ander kulture en tradisies)
- Strokiesverhale
- Lyste
- Vertellinge
- Instruksies
- Reëls (soos skoolreëls)
- Kalender
- Sosiale tekste (uitnodigings, groetekaartjies)
- Kindertoneelstukke
- Diagramme en staafgrafieke
- Woordraaisels (soos blokkiesraaisels)
- Tydskrif- en koerantprente
- Foto's

**Multimedia:**

- TV-programme
- TV-advertensies
- Strokiesverhale
- Video- en rekenaarprogramme
- Video's, CD-ROM's en internet (indien beskikbaar)

## Graad 1

### Leeruitkoms 1

**LUISTER**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan kort, eenvoudige, stories:
  - mimiek die storie;
  - doen op gepaste plekke aan 'n koor mee (soos: "Hy hoes en hy proes en hy *blaas die huis om*");
  - teken 'n prent van die storie;
  - plaas prente in die regte volgorde;
  - beantwoord eenvoudige, letterlike ja/nee- en oop vrae met eenwoord-antwoorde;
  - sê hoe die storie haar/hom laat voel (gebruik die huistaal, indien nodig).
- Verstaan eenvoudige beskrywings (soos om na 'n beskrywing van 'n voorwerp of persoon te luister en dit by 'n prentjie te pas).
- Verstaan eenvoudige mondelinge instruksies deur fisiek daarop te reageer (soos "Steek jou hand op").

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon begrip van eenvoudige stories:
  - voorspel na aanleiding van die titel waaroor die storie handel;
  - voer die storie op en sê die karakters se woorde;
  - teken 'n prent oor die storie en sê of skryf 'n paar woorde omtrent die prent neer;
  - orden prente en pas byskrifte daarby;
  - beantwoord eenvoudige, letterlike ja/nee- en oop vrae wat kort antwoorde vereis;
  - sê hoe die storie haar/hom laat voel;
  - beantwoord vrae wat die storie met sy/haar eie lewe skakel, in sy/haar huistaal.
- Toon begrip van oorvertelde gebeure deur dit in die korrekte volgorde oor te vertel (soos: "Gister het Ouma dorp toe gegaan. Sy het 'n klomp goed gekoop. Eers het sy brood gekoop. Toe ...").
- Toon begrip van 'n eenvoudige beskrywing deur te identifiseer wat beskryf word (soos: "Dit is rond. Soms is dit groen en soms is dit rooi. Dit het 'n soet smaak. Wat is dit?").
- Toon begrip van 'n kort reeks instruksies (soos: "Trek 'n sirkel. Kleur dit rooi in").

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon begrip van stories:
  - voorspel na aanleiding van die titel waaroor die storie handel;
  - beantwoord letterlike begripsvrae, soos waar/onwaar-vrae;
  - voorspel wat volgende gaan gebeur;
  - onthou dele van stories en vertel dit oor;
  - teken relevante inligting op, soos in 'n eenvoudige diagram;
  - druk gevoelens oor die storie uit;
  - bespreek enige sosiale of morele kwessies, soos of iets regverdig is, in sy/haar huistaal;
  - som die storie op, met die onderwyser se hulp.
- Toon begrip van hoe om gebeurtenisse in die regte volgorde oor te vertel.
- Toon begrip van beskrywings deur relevante inligting op te teken, soos om eenvoudige tabelle in te vul.
- Toon begrip van 'n reeks instruksies deur dit korrek uit te voer.

## Graad 1

### Leeruitkoms 1
### Vervolg

**LUISTER**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon respek vir klasmaats deur hulle kans te gee om te praat en na hulle te luister.
- Ontwikkel klankbewustheid:
  - onderskei tussen verskillende klanke aan die begin en einde van woorde, soos woorde wat met *b* en *d* begin;
  - herken die *e* of *s* wat die meervoud aandui aan die einde van woorde, soos: twee boeke, baie lekkers.

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon respek vir klasmaats deur hulle kans te gee om te praat, na hulle te luister en hul pogings om hul addisionele taal te praat, aan te moedig.

- Ontwikkel klankbewustheid:
  - onderskei tussen verskillende klanke (soos *e* en *a*) en woorde (soos “bed” en “bad”) wat vir lees en skryf belangrik is;
  - herken rymwoorde in algemene rympies en liedjies;
  - herken die -*jie* en -*tjie*-uitgang aan die einde van woorde.

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon respek vir klasmaats deur hulle kans te gee om te praat, na hulle te luister en hul pogings om hul addisionele taal te praat, aan te moedig.

- Ontwikkel klankbewustheid:
  - onderskei tussen verskillende klanke (soos *ie* en *uu*) en woorde (soos: dier, duur) wat belangrik vir lees en skryf is;
  - herken die *e*-uitgang aan die einde van sommige adjektiewe (soos in: koue, lelike).

## Graad 1

### Leeruitkoms 2

PRAAT
Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne ’n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Reageer gepas met enkele woorde of alledaagse vaste vorme op eenvoudige vrae, soos “Goed, dankie”.
- Gebruik en reageer gepas op eenvoudige groetvorme en rig eenvoudige versoeke en bedankings.
- Druk haar/homself op eenvoudige maniere uit indien ’n mondelinge struktuur verskaf word, soos: Ek hou van ...; Ek hou nie van ... nie.
- Memoriseer en voer aksierympies en liedjies met die korrekte intonasie, ritme en uitspraak op.
- Spreek bekende woorde duidelik en korrek uit.
- Gebruik hoflikheidsvorme (asseblief, dankie, jammer).

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Reageer gepas op eenvoudige vrae.
- Vra om verduideliking, soos: Ek verstaan nie. Sê dit weer, asseblief.
- Rig eenvoudige versoeke en maak eenvoudige stellings, soos: Kan ek papier kry, asseblief?; Ek is siek.
- Gee baie eenvoudige instruksies.
- Vertel 'n kort reeks eenvoudige ervaringe of gebeurtenisse oor.
- Gesels oor 'n tekening of 'n prent.
- Memoriseer liedjies, aksierympies en eenvoudige gedigte.
- Gee aandag aan korrekte uitspraak tydens lees, soos:
  - onderskei tussen kort en lang vokale (soos in poot/pot);
  - onderskei tussen geronde en ongeronde vokale (soos in muur/mier).
- Toon respek en hoflikheid en toon begrip daarvoor dat hoflikheidsvorme van taal tot taal verskil (soos: *Mama*, mevrou Van der Merwe, *Sir*).

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Beantwoord vrae met woorde en frases.
- Stel vrae om duidelikheid te verkry, soos: Kan jy ditasseblief weer verduidelik.
- Rig versoeke.
- Neem deel aan 'n gesprek oor 'n bekende onderwerp.
- Vertel 'n reeks ervaringe of gebeurtenisse oor.
- Gee instruksies.
- Beskryf 'n proses, soos om gereed te maak vir skool.
- Gesels oor 'n tekening, prent of voorwerp.
- Voer 'n rympie, gedig of liedjie op.
- Gee aandag aan korrekte uitspraak tydens lees:
  - gebruik die korrekte ritme en woord- en sinsaksent.
- Toon bewustheid van die onderskeie gepaste kulturele aanspreekvorme, soos hoe hoflikheidsvorme in verskillende tale verskil.

## Graad 1

### Leeruitkoms 3

**LEES EN KYK**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik prente om geskrewe teks te verstaan:
  - verstaan 'n prenteverhaal, soos om 'n prent wat nie in volgorde is nie, te identifiseer;
  - pas prente en woorde bymekaar, soos gebruik geskrewe woorde as byskrifte by voorwerpe of prente;
  - gebruik illustrasies om eenvoudige onderskrifte in storieboeke te verstaan.

- Pas woorde en voorwerpe bymekaar deur etikette op voorwerpe te plak – begin met dié wat soortgelyk in die huis- en addisionele taal is, soos: kat – *cat/ikati*.

- Volg instruksies in drukskrif op eenwoord-flitskaarte, soos: Staan; Spring; Lag.

- Lees prenteboeke met eenvoudige een- of tweewoord-byskrifte.

- Ontwikkel sigherkenning van algemene woorde: "die", "'n", "ek", "my", "kan", "en", ens.

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik prente om geskrewe teks te verstaan:
  - toon begrip van 'n prenteverhaal (soos deur prente in die korrekte volgorde te rangskik);
  - bring prente in verband met eie ervaring;
  - sê hoe prente hom/haar laat voel deur kodewisseling te gebruik, indien nodig;
  - pas 'n sin ('n onderskrif) by 'n prent;
  - teken 'n prent om 'n sin te illustreer.
- Begin om 'n geskrewe teks te verstaan deur saam met die onderwyser te lees:
  - lees die titel en voorspel waaroor die teks handel;
  - volg die onderwyser se oog- en vinger-bewegings;
  - wys na die regte woord wanneer dit gelees word;
  - beantwoord kort mondelinge vrae oor 'n storie;
  - vertel 'n storie met die onderwyser se hulp oor.
- Herken en skep betekenis uit letters en woorde:
  - herken 'n toenemende aantal hoëfrekwensie-woorde as sigwoorde, soos "jou", "eet".

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik visuele leidrade om betekenis te skep:
  - toon begrip van 'n prenteverhaal (soos deur prente in die korrekte volgorde te rangskik);
  - verstaan 'n prente- of strokiesverhaal deur onderskrifte en spraakborrels met visuele beelde in verband te bring;
  - vergelyk prente en/of foto's met eie ervaring en bespreek dit krities, soos: Wie se ervaring word voorgestel?
- Skep betekenis uit 'n geskrewe teks deur saam met die onderwyser te lees:
  - lees die titel;
  - voorspel na aanleiding van die titel waaroor die boek handel;
  - beantwoord letterlike vrae oor die storie;
  - vertel die storie oor;
  - bespreek enige sosiale en morele kwessies, soos of iets regverdig is, in haar/sy huistaal;
  - druk eie gevoelens oor die storie uit, waar moontlik in die addisionele taal.
- Herken en skep betekenis uit letters en woorde:
  - herken 'n toenemende aantal hoëfrekwensie-woorde as sigwoorde;
  - gebruik woordherkennings- en begrips-vaardighede soos klanke, kontekstuele leidrade en voorspelling om 'n teks te verstaan;
  - lees met toenemende spoed en vlotheid;
  - lees hardop en gebruik korrekte uitspraak en gepaste klem.

## Graad 1

### Leeruitkoms 3
Vervolg

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

**LEES EN KYK**
Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

- Ontwikkel klankbewustheid:
  - herken aanvangskonsonante en kort vokaalklanke, soos in "k-at", "v-at".

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel klankbewustheid:
  - herken verskille in uitspraak in die huistaal en die addisionele taal, soos in "knife" en "knoop";
  - verstaan die letter-klank-verhouding van die meeste enkelkonsonante en kort vokale in woorde soos "kol", "rol";
  - verdeel eenvoudige woorde met enkel-aanvangskonsonante en kort vokale (KVK-patroon) in die eerste klank en die tweede deel van die lettergreep, soos "k-at", "m-at", "v-at", "w-at";
  - groepeer algemene woorde in woordfamilies, soos "kat", "lat", "mat", "vat", "wat";
  - herken tweeletterkombinasies aan die begin van woorde, soos "gr-oen", "bl-om";
  - gebruik klankvaardighede en -kennis as deel van lees- en skryfstrategieë (klank woorde tydens lees en spel woorde tydens skryf).

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik selfkorrigeringstrategieë soos herlees, pousering, om 'n woord te oefen voor dit gesê word.

- Ontwikkel klankbewustheid:
  - herken uitspraakverskille tussen hul huistaal en addisionele taal;
  - herken sommige verskille in die klank-spelling-verhouding tussen die huistaal en addisionele taal, soos die *wa*- in "water" in Afrikaans en Engels;
  - herken vokaalklanke wat uit twee letters bestaan, soos in "moet", "deur", en diftonge, soos "ou", "ei", "ui";
  - herken twee- en driekonsonantkombinasies aan die begin en einde van woorde, soos "str-", "-nd";
  - herken die eerste klank en laaste deel van die lettergreep in meer komplekse patrone, "dr-oom", "str-oom";
  - herken meer komplekse woordfamilies, soos "dr-oom", "str-oom";
  - herken bekende rymwoorde, soos "raai", "saai", "laai";
  - herken agtervoegsels soos *-er* en *-ste*, soos in "mooier", "slimste".

## Graad 1

### Leeruitkoms 3
Vervolg

**LEES EN KYK**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

### Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 1 nie.)

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees ’n groot aantal leesboeke (fiksie en nie-fiksie) en bekende rympies op ’n gepaste taal- en leesvlak vir inligting en genot.
- Demonstreer ’n leeswoordeskat van tussen 250 en 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ’n ander leerarea gaan gebruik, behoort hulle na 500 woorde te mik.

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees op sy/haar eie vir inligting en genot:
  - lees en volg instruksies, soos hoe om ’n speletjie te speel;
  - lees fiksie- en nie-fiksie-boeke van haar/sy eie keuse;
  - vertel ’n klasmaat van ’n boek wat hy/sy gelees het;
  - onderskei tussen fiksie en nie-fiksie;
  - lees ’n beskrywing van ’n proses, soos hoe papier gemaak word;
  - lees bekende gedigte en rympies.
- Demonstreer ’n leeswoordeskat van tussen 700 en 1 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ’n ander leerarea gaan gebruik, behoort hulle na 1 500 woorde te mik.

## Graad 1

### Leeruitkoms 3 Vervolg

### Assesseringstandaarde

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 1 nie.)

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

(Daar is geen verdere assesseringstandaarde vir hierdie leeruitkoms in graad 2 nie.)

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel klankbewustheid:
  - herken en benoem alfabetletters;
  - verstaan die verskil tussen settername en letterklanke;
  - verstaan dat settername dieselfde bly, maar dat die klanke wat dit voorstel, kan verander;
  - verstaan die letter-klank-verhouding van die meeste enkelkonsonante en kort vokale in woorde soos “mat”, “bal”;
  - verdeel eenvoudige woorde met enkelbegin-konsonante en kort vokale (KVK-patroon) in die eerste klank en die tweede deel van die lettergreep, soos “k-at”, “m-at”, “v-at”, “w-at”;
  - herken tweeletterkombinasiess aan die begin van woorde, soos “gr-oen”, “bl-om”;
  - herken sommige hoëfrekwensiesigwoorde soos “die”, “ ’n”, “met”, “ek”, “jou”, insluitend sy/haar eie naam en gedrukte teks in die omgewing.

## Graad 1

### Leeruitkoms 4

SKRYF
Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf bekende woorde en sinne oor (soos byskrifte of titels by tekeninge).
- Gebruik eenvoudige, bekende woorde om sinne te voltooi (soos: My naam is ...; Ek hou van ...; Ek hou nie van ...).
- Skryf lyste met opskrifte (soos: My maats).

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Kies ’n byskrif wat ’n prent duidelik beskryf en skryf dit neer.
- Skryf ’n onderskrif vir ’n prent.
- Voltooi sinne deur ontbrekende woorde in te vul.
- Skryf sinne deur sinsrame te gebruik (soos: Ek hou van ...).
- Orden sinne wat nie in die korrekte volgorde is nie en skryf dit neer.
- Gebruik hoofletters en punktuasie (punte).
- Gebruik kennis van klanke om woorde korrek te begin spel.
- Spel alledaagse woorde wat onthou word, korrek.
- Identifiseer en korrigeer spelfoute in alledaagse woorde.
- Skryf alledaagse woorde waarna geluister word, neer (diktee).
- Skryf woorde in alfabetiese volgorde (soos in ’n eie woordeboek).
- Skryf lyste (soos ’n inkopielys).
- Skryf opskrifte vir lyste (soos: Diere: kat, hond, koei, skaap, bok).

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf individuele woorde, soos byskrifte.
- Skryf woorde in ’n persoonlike woordeboek.
- Spel bekende woorde korrek.
- Skryf lyste en voorsien dit van opskrifte (soos: Insekte: miere, bye, skoenlappers …).
- Skryf sinne deur ’n raam te gebruik (soos: Ek kan ...).
- Skryf eie sinne sonder om ’n raam te gebruik, soos die uitdrukking van gevoelens en persoonlike menings.
- Gebruik hoofletters en punktuasie: kommas, punte, vraagtekens en uitroeptekens.
- Rangskik en skryf sinne oor om ’n paragraaf te vorm.
- Skryf kort tekste met algemene vaste uitdrukkings (soos ’n uitnodiging of verjaardagkaartjie).
- Skryf ’n kort dialoog, met ondersteuning.
- Gebruik ’n raam en skryf ’n eenvoudige verslag (soos: Gister het ek ... Toe het ek ...).

## Graad 1

### Leeruitkoms 5

**DINK EN REDENEER**

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan konsepte en woordeskat wat verband hou met:
  - identiteit (soos: My naam is ...);
  - getalle (soos: een, twee, drie);
  - vorm (soos: sirkel, vierkant);
  - grootte (soos: klein, groot);
  - tyd (soos: nou, môre);
  - ouderdom (soos: Ek is ses);
  - rigting (soos: links, regs);
  - volgorde (soos: eerste, laaste);
  - vermoë (soos: Ek kan ...).

- Gebruik taal om te dink:
  - identifiseer ooreenkomste en verskille (soos: Sit al die sirkels bymekaar; Soek die een wat anders is);
  - identifiseer dele van ’n geheel (soos dele van die gesig, liggaam);
  - klassifiseer dinge (soos: Sit al die plastiekvoorwerpe op ’n hoop en die houtvoorwerpe op ’n ander hoop);
  - rangskik dinge (soos van groot na klein).

- Identifiseer dinge volgens eenvoudige beskrywings (soos: Ek is ’n dier. Ek het vier bene. Ek het ’n baie lang nek. Ek het twee horinkies. Wie is ek?).

- Teken inligting in eenvoudige diagramme op deur regmerkies en kruisies te gebruik.

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan begrippe en woordeskat betreffende:
  - identiteit (soos: Ek praat Afrikaans, isiZulu en Engels);
  - getalle (elf, twaalf);
  - vorm (soos: driehoek, ster);
  - grootte (soos: lank, hoog, kort);
  - rigting (soos: op, af);
  - volgorde (soos: vierde, vyfde);
  - vermoë (soos: Ek kan/sal kan …).
- Gebruik taal om te dink:
  - identifiseer ooreenkomste en verskille (vergelyk byvoorbeeld ’n vis en ’n dolfyn);
  - identifiseer dele van ’n geheel (soos die dele van ’n motor);
  - klassifiseer dinge deur soortgelyke dinge saam te sit en die een wat nie pas nie, te identifiseer);
  - orden dinge (soos van die langste na die kortste).
- Werk met diagramme:
  - vul tabelle in (soos ’n rooster van daaglikse aktiwiteite);
  - voer ’n klasopname uit (soos van gunsteling-kos) en skryf die inligting in ’n tabel of eenvoudige staafgrafiek;
  - maak ’n tydlyn met belangrike datums uit die verlede (soos van gebeurtenisse uit eie lewe).

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan begrippe en woordeskat rakende meting (soos: Hoe lank is dit? Hoe ver is dit?).
- Gebruik taal om begrippe en woordeskat rakende verskillende leerareas te verstaan (soos: Maak ’n tydlyn vir geskiedenis).
- Stel vrae om duidelikheid te verkry.
- Gebruik taal om te dink en probleme op te los:
  - vergelyk dinge krities (soos: Wat is die nuttigste, ’n fiets of ’n motor? Wie gebruik motors en wie fietse? Watter vervoermiddel is omgewingsvriendelik?);
  - bespreek en los probleme in groepe op (soos: Hoe kan ons die omgewing skoon hou?).
- Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:
  - voer ’n eenvoudige opname uit (soos: Hoe leerders skool toe kom – per taxi, bus, motor, fiets of te voet);
  - teken inligting op verskillende maniere op (’n tabel, ’n diagram, ’n staafgrafiek).

## Graad 1

### Leeruitkoms 5
### Vervolg

#### DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan en gebruik enkele wiskundewoorde (soos: optel, aftrek).

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan en gebruik alledaagse taal wat nodig vir wiskunde is:
  - luister na, lees en los eenvoudige wiskunde-probleme op – skenk aandag aan woorde soos "meer", "minder", "deel", "halwe", "links", "altesaam" (soos: Yusuf het tien lekkers. Hy gee twee lekkers vir Nwabisa. Hoeveel lekkers het hy oor?).
- Hou 'n persoonlike woordeboek.

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Dra inligting van een vorm na 'n ander oor:
  - luister na 'n kort praatjie en vul inligting op 'n tabel in of skryf byskrifte by 'n diagram;
  - gebruik inligting uit 'n visuele of geskrewe teks om 'n tabel, staafgrafiek of kopkaart te maak of byskrifte by 'n diagram te skryf;
  - gebruik inligting uit 'n diagram, staafgrafiek, kopkaart of prent om 'n kort teks te skryf of voltooi.
- Hou 'n persoonlike woordeboek en gebruik 'n kinderwoordeboek (indien moontlik, 'n tweetalige en 'n verklarende woordeboek).

## Graad 1

### Leeruitkoms 6

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan vraagvorme in mondelinge tekste (soos: Wat ...? Wie ...? Hoe ...? Hoeveel ...? Watter ...? Kan ... ?).
- Verstaan enkelvoudige sinne in mondelinge tekste (soos: Ek wil huis toe gaan).
- Verstaan die teenwoordigetydsvorm in mondelinge tekste (soos: Sy lees; Hy eet ’n toebroodjie).
- Verstaan bevelsinne in mondelinge tekste (soos: Kom hier; Moenie sit nie).
- Verstaan enkele hulpwerkwoorde in mondelinge tekste (soos: Ek kan spring/hardloop).
- Verstaan enkele negatiewe vorme in mondelinge tekste (soos: Sy slaap nie; Ek hou nie van vleis nie).
- Verstaan meervoudsvorme in mondelinge tekste (soos: boek/boeke).
- Verstaan persoonlike en besitlike voornaamwoorde in mondelinge tekste (soos: ek, my, myne; jy, jou, joune; sy, haar, hare; ons, ons s’n).
- Verstaan enkele voorsetsels in mondelinge tekste (soos: in, by, met, op).
- Verstaan enkele adjektiewe (soos: groot, klein) en bywoorde (soos: stadig, vinnig).

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan en gebruik sommige vraagvorme (soos: Wat doen jy? Waarheen gaan jy? Wat het gister/verlede week/vanoggend gebeur?).
- Verstaan en gebruik die teenwoordige en die verlede tyd (soos: Ek kyk televisie; Ek het gister televisie gekyk).
- Verstaan en gebruik sommige hulpwerkwoorde (soos: Ek kan lees; Hy wil hier bly).
- Verstaan en gebruik sommige adjektiewe (soos: jong/jonk; ou/oud; gelukkige/gelukkig).
- Verstaan en gebruik sommige bywoorde in die korrekte woordorde (soos: Yumna het buite gespeel; Danie borsel altyd sy tande).
- Verstaan en gebruik sommige negatiewe vorme.

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan en gebruik 'n verskeidenheid vraagvorme (Waar ...? Wanneer ...? Waarom ...?).
- Verstaan en gebruik die toekomende tyd (soos: Dit gaan môre reën; Ek sal jou volgende week sien).
- Verstaan hoe moontlikheid/waarskynlikheid uitgedruk word (soos: Hy kom dalk môre; Dit sal miskien reën).
- Verstaan hoe noodsaaklikheid uitgedruk word (soos: Jy moet jou hande was voor jy eet).
- Verstaan hoe taal gebruik word om dinge te orden (soos: volgende, dan/toe, daarna, uiteindelik).
- Gebruik sommige adjektiewe (soos: goed/goeie; lang/lank; gesonde/gesond).
- Gebruik woorde soos "toe", "wanneer", "dan" korrek in die verskillende tye.
- Gebruik sommige bywoorde in die korrekte woordorde (soos: Johan lees altyd baie).
- Gebruik die ontkennende vorm korrek (soos: Ek is nie klaar nie; Sy is nooit laat nie).

## Graad 1

### Leeruitkoms 6
### Vervolg

TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan ongeveer 500 tot 1 000 algemeen gesproke woorde in konteks teen die einde van graad 1.

## Graad 2

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan tussen 1 000 en 1 500 algemeen gesproke woorde in konteks teen die einde van graad 2. Leerders wat ander leerareas deur hul addisionele taal gaan leer, behoort na 1 500 woorde te mik.

## Graad 3

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan tussen 1 500 en 3 000 algemeen gesproke woorde in konteks teen die einde van graad 3. Leerders wat ander leerareas deur hul addisionele taal gaan leer, behoort na 3 000 woorde te mik.

# HOOFSTUK 3
# INTERMEDIÊRE FASE
# (Graad 4-6)

## INLEIDING

In die Grondslagfase het leerders ’n ryk inleiding tot hul addisionele taal ontvang. Hulle sal ’n groot aantal woorde en taalstrukture verstaan sonder dat hulle eksplisiete onderrig daarin ontvang het. Hulle behoort selfvertroue, genot en ’n mate van vlotheid in die gebruik van hul addisionele taal te ontwikkel het.

### Fokus

In graad 4 tot 6 begin leerders:

- meer bewus raak van woorde en grammatikale strukture wat hulle reeds in die Grondslagfase teëgekom het;
- die wyse ondersoek waarop hul addisionele taal funksioneer en neem ’n mate van bewuste beheer daarvan;
- hierdie ontwikkelende kennis gebruik om hul taalgebruik na te gaan, veral wanneer hulle skryf.

#### Geleidelike leer

Dit is belangrik om te onthou dat ’n taal stadig en geleidelik verwerf word. Alhoewel spesifieke aandag aan woordeskat en grammatika geskenk mag word, sal die akkurate gebruik van woorde en strukture lank neem. Dit is nie nodig dat leerders eers een grammatikale struktuur onder die knie moet kry voordat hulle met ’n volgende begin nie. Hulle sal steeds talle foute begaan, wat ’n natuurlike deel van die aanleer van ’n addisionele is. Nietemin sal hul begrip van hoe hul addisionele taal werk, toenemend verbeter en hulle sal dit geleidelik akkurater gebruik.

Gedurende die Grondslagfase moes leerders tot selfversekerde lesers van hul huis- en addisionele taal ontwikkel het. Ook behoort hulle aan ’n wye verskeidenheid kindertekste blootgestel te gewees het. In graad 4 tot 6 sal hulle hierdie grondslag gebruik om vrymoedige skrywers te word.

#### Deeglike ondersteuning tydens skryf

Op hierdie vlak verg skryf sorgvuldige ondersteuning en leiding. Aanvanklik kan die onderwyser steun deur die gebruik van rame en modelle vir spesifieke tekssoorte (soos ’n eenvoudige gedig of ’n verslag) verskaf. Namate leerders bekend met die teks raak (soos die struktuur en die soort taalgebruik daarvan), sal hulle ’n soortgelyke skryfstuk op hul eie aandurf.

Soos om ’n addisionele taal te leer praat, sal die proses om te leer lees en skryf geleidelik plaasvind. Kinders leer deur dinge self te probeer doen – deur te toets en probeer. Hulle het gereelde terugvoering en aanmoediging nodig om hulle te help leer. Onthou, alhoewel die leeruitkomste elk op ’n spesifieke vaardigheid fokus, behoort al die leeruitkomste in die leerprogram geïntegreer te word.

## Gebruik van Leerders se Huistaal

In die Intermediêre Fase behoort leerders aangemoedig te word om tydens die toegekende klastyd vir hierdie vak soveel moontlik in hul addisionele taal te kommunikeer. Dit is belangrik, want hulle het die blootstelling en interaksie nodig en moet in hul addisionele taal betekenis skep en interpreteer. Hulle sal egter kodewisseling moet toepas wanneer hulle komplekse kwessies soos die sosiale en etiese dimensies van 'n verhaal bespreek of wanneer hulle die grammatika van hul huis- en addisionele taal vergelyk (soos die feit dat voorsetsels afsonderlike woorde in Afrikaans is, maar deel van die morfologie van woorde in Afrika-tale: op die tafel/*etafileni*).

## LEERUITKOMSTE

### Leeruitkoms 1: Luister

**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.**
Leerders behoort gereeld na die addisionele taal op die gepaste vlak te luister. Dit vorm die grondslag vir die ontwikkeling van al die ander taalvaardighede.

### Leeruitkoms 2: Praat

**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.**
Leerders sal hulself op eenvoudige maniere in die addisionele taal moet begin uitdruk. Hulle sal oor kultuur- en taalgrense heen begin kommunikeer. Hulle behoort deur ervaring te leer dat veeltaligheid persoonlik en sosiaal verrykend is.

### Leeruitkoms 3: Lees en Kyk

**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.**
Lees is noodsaaklik vir taalontwikkeling, vir genot en om meer van die wêreld te leer. In hierdie fase sal leerders vir hul eie persoonlike groei lees. Hulle sal ook deur lees meer oor geskrewe tekste leer. Lees vorm dus die grondslag vir skryf.

### Leeruitkoms 4: Skryf

**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.**
Skryf skakel nou met lees en is 'n noodsaaklike instrument om oor die kurrikulum heen te leer. Dit is ook belangrik vir leerders se persoonlike ontwikkeling.

## Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer

**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.**

Leerders sal konsepte begin verstaan en sal strategieë aanleer om in hul ander leerareas te dink en inligting te verkry.

## Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik

**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.**

Grammatika en woordeskat is die boustene van taal. Kennis van grammatika en woordeskat is die sleutel daartoe om vlot te lees. Grammatika en woordeskat behoort binne konteks en geïntegreer met lees, skryf, luister en praat onderrig te word.

# ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE

In die volgende afdelings word die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir elke graad gegee. Voorbeelde van tekste wat vir geïntegreerde taalonderrig gebruik kan word, word verskaf. Dit is nie die enigste moontlike voorbeelde nie en onderwysers kan enige ander gepaste en beskikbare tekste byvoeg.

## Graad 4

### Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Stories
- Fabels
- Legendes
- Liedjies
- Eenvoudige kindergedigte
- Grappies en raaisels
- Instruksies
- Vertellinge
- Aanwysings
- Beskrywings van mense en voorwerpe
- Verslae van gebeurtenisse
- Gesprekke
- Radioprogramme

## Graad 4

## Aanbevole Tekste
## Vervolg

**Geskrewe/Visueel:**

- Boeke (fiksie en nie-fiksie)
- Eenvoudige kindergedigte
- Instruksies
- Kennisgewings
- Boekverslae
- Resepte
- Roosters
- Diagramme
- Grafieke en tabelle
- Woordraaisels
- Eenvoudige kaarte en planne
- Foto's
- Spotprente
- Strokiesverhale
- Prente
- Woordeboeke

**Multimedia:**

- TV-programme vir kinders
- TV-advertensies
- Films en video's vir kinders (indien beskikbaar)
- CD-ROM's en internet (indien beskikbaar)

## Graad 5

### Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Stories
- Fabels
- Legendes
- Liedjies
- Kindergedigte
- Grappies en raaisels
- Instruksies
- Aanwysings
- Vertellinge
- Boodskappe (soos telefoonboodskappe)
- Beskrywings van mense, voorwerpe en plekke
- Gesprekke
- Verslae (soos radionuus en weer)

**Geskrewe/Visueel:**

- Boeke (fiksie en nie-fiksie)
- Tydskrifte
- Kindergedigte
- Instruksies
- Kennisgewings
- Verslae (soos van 'n eenvoudige eksperiment)
- Boekresensies
- Uitnodigings
- Poskaarte
- Resepte
- Roosters
- Uitnodigings
- Diagramme
- Grafieke en tabelle
- Eenvoudige kaarte en planne
- Woordraaisels
- Spotprente
- Strokiesverhale
- Plakkate
- Foto's
- Woordeboeke

## Graad 5

### Aanbevole Tekste
### Vervolg

**Multimedia:**

- TV-programme vir kinders
- TV-weerverslae
- TV-advertensies
- Films en video's vir kinders (indien beskikbaar)
- CD-ROM's en internet (indien beskikbaar)

## Graad 6

### Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Stories
- Fabels
- Legendes
- Liedjies
- Gedigte
- Grappies en raaisels
- Instruksies
- Vertellinge
- Aanwysings
- Beskrywings van mense, voorwerpe, plekke en prosesse
- Gesprekke
- Onderhoude
- Verslae
- Voorbereide praatjies

**Geskrewe/Visueel:**

- Boeke (fiksie en nie-fiksie)
- Koerante
- Tydskrifte
- Dagboeke
- Gedigte
- Toneelstukke
- Boekresensies

## Graad 6

## Aanbevole Tekste
## Vervolg

- Advertensies
- Plakkate
- Poskaarte
- Briewe
- Resepte
- Instruksies
- Kennisgewings
- Verslae (soos van eenvoudige eksperimente)
- Roosters
- Diagramme, grafieke en tabelle
- Kaarte en planne
- Spotprente
- Strokiesverhale
- Naslaanboeke (soos woordeboeke, ensiklopedieë)

**Multimedia:**
- TV-programme
- TV-weerverslae
- Films en video's (indien beskikbaar)
- CD-ROM's en internet (indien beskikbaar)

## Graad 4

### Leeruitkoms 1

**LUISTER**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan stories (aan leerders vertel of gelees):
  - beantwoord letterlike vrae;
  - voorspel wat volgende gaan gebeur;
  - reageer persoonlik;
  - bespreek etiese en sosiale kwessies, soos of iets regverdig is (wissel tussen huis- en addisionele taal, indien nodig);
  - vertel 'n storie in die regte volgorde oor;
  - som 'n storie op met die onderwyser se steun.

- Verstaan mondelinge instruksies, aanwysings en beskrywings:
  - reageer fisiek op instruksies (soos hoe om iets te maak);
  - luister na eenvoudige aanwysings en volg 'n roete of vind 'n plek op 'n eenvoudige kaart of plan.

- Verstaan mondelinge beskrywings:
  - identifiseer mense, voorwerpe of plekke;
  - voorsien 'n diagram van byskrifte.

- Verstaan oorvertelde gebeurtenisse:
  - beantwoord vrae oor wat eerste, tweede, ens. gebeur het.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan stories (aan leerders vertel of gelees):
  - beantwoord letterlike vrae;
  - reageer persoonlik;
  - teken relevante inligting op (soos om byskrifte by 'n eenvoudige diagram te plaas);
  - bespreek etiese, sosiale en kritieke kwessies, soos of die les van die storie onder alle omstandighede reg is (wissel tussen huis- en addisionele taal, indien nodig);
  - stel 'n alternatiewe slot vir 'n storie voor (wissel kodes, indien nodig);
  - vertel 'n storie oor;
  - som 'n storie met ondersteuning op.

- Verstaan mondelinge instruksies, aanwysings en beskrywings:
  - verstaan 'n reeks instruksies deur fisiek te reageer (soos volg instruksies vir 'n klastaak);
  - verstaan mondelinge aanwysings deur 'n roete te volg of 'n plek op 'n eenvoudige kaart of plan te vind.

- Verstaan mondelinge beskrywings:
  - identifiseer mense, voorwerpe of plekke;
  - voorsien 'n diagram van byskrifte;
  - teken relevante inligting op (soos in 'n tabel).

- Verstaan oorvertelde gebeurtenisse:
  - beantwoord vrae oor wat eerste, tweede, ens. gebeur het;
  - vertel self dieselfde gebeurtenisse met ondersteuning oor.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan stories (aan leerders vertel of gelees):
  - beantwoord letterlike vrae;
  - teken relevante inligting op (soos om 'n tabel in te vul);
  - reageer persoonlik;
  - bring die storie in verband met haar/sy eie lewe;
  - bespreek etiese, sosiale en kritieke kwessies, soos: Watter soort persoon is die held? Hoe tree hy/sy op? Is hy/sy realisties of gestereotipeer voorgestel? (wissel tussen huis- en addisionele taal, indien nodig);
  - stel 'n alternatiewe slot vir die storie voor (wissel kodes, indien nodig);
  - vertel 'n storie oor;
  - som 'n storie op.

- Verstaan mondelinge instruksies, aanwysings en beskrywings:
  - verstaan 'n komplekse reeks instruksies deur fisiek te reageer (soos volg instruksies om 'n wetenskapeksperiment op te stel);
  - verstaan mondelinge aanwysings deur dit neer te skryf en op 'n kaart te volg.

- Verstaan mondelinge beskrywings:
  - identifiseer mense, voorwerpe of plekke;
  - voorsien 'n diagram van byskrifte;
  - teken relevante inligting op (soos in 'n tabel);
  - beantwoord vrae.

- Verstaan oorvertelde gebeurtenisse:
  - beantwoord vrae oor wat eerste, tweede, ens. gebeur het;
  - vertel gebeurtenisse oor.

## Graad 4

### Leeruitkoms 1
### Vervolg

**LUISTER**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Respekteer ander leerders:
  - gee ander leerders 'n beurt om te praat;
  - luister na ander;
  - moedig hul pogings aan om hul addisionele taal te praat.

## Graad 5

### Asesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Respekteer ander leerders:
  - gee ander leerders 'n beurt om te praat;
  - luister na ander en moedig hul pogings aan om hul addisionele taal te praat;
  - moedig groeplede aan om ander leerders te ondersteun.

## Graad 6

### Asesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Respekteer ander leerders:
  - gee ander leerders 'n kans om te praat;
  - luister na ander en moedig hul pogings aan om hul addisionele taal te praat;
  - moedig groeplede aan om ander leerders te ondersteun.

## Graad 4

### Leeruitkoms 2

**PRAAT**

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Voer interaksie in sy/haar addisionele taal:
  - vra eenvoudige vrae (soos vrae om duidelikheid te verkry);
  - gee kort antwoorde op vrae;
  - neem deel aan 'n kort gesprek oor 'n bekende onderwerp.

- Tree op kultureel gepaste maniere op:
  - rolspeel bekende situasies (soos gee aanwysings);
  - toon 'n mate van bewustheid van sosiale en kulturele verskille (soos hoe om hoflikheid in die addisionele taal uit te druk);
  - skakel van een taal na 'n ander oor, waar gepas (soos om 'n vreemdeling wat nie jou taal praat nie, te groet).

- Gebruik die addisionele taal om inligting oor te dra:
  - herroep en beskryf 'n reeks gebeurtenisse deur verbindingswoorde te gebruik (soos: eers, toe, daarna);
  - gee eenvoudige instruksies;
  - beskryf mense, voorwerpe en eenvoudige prosesse.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Voer interaksie in sy/haar addisionele taal:
  - stel en beantwoord vrae;
  - neem deel aan 'n gesprek oor 'n bekende onderwerp;
  - lug mening en gee 'n rede daarvoor;
  - druk gevoelens uit.
- Tree op kultureel gepaste maniere op:
  - rolspeel bekende situasies met gepaste taal en gebare;
  - toon toenemende bewustheid van sosiale en kulturele verskille (soos verstaan die verskillende maniere waarop hoflikheid in die huis- en addisionele taal uitgedruk word);
  - skakel van een taal na 'n ander oor, waar gepas (soos om iemand wat nie jou taal praat nie, by 'n groep in te sluit).
- Gebruik die addisionele taal om inligting oor te dra:
  - vertel 'n reeks gebeurtenisse oor deur verbindingswoorde te gebruik;
  - gee 'n reeks instruksies;
  - beskryf 'n proses;
  - beskryf die funksie van iets (soos waarvoor 'n alledaagse stuk gereedskap gebruik word);
  - gesels oor 'n alledaagse onderwerp waarvoor voorbereiding gedoen is (soos: My sportheld).

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Voer interaksie in sy/haar addisionele taal:
  - stel en beantwoord vrae;
  - voer 'n gesprek oor 'n bekende onderwerp;
  - lug mening en gee redes daarvoor;
  - druk gevoelens uit.
- Tree op kultureel gepaste maniere op:
  - rolspeel bekende situasies met gepaste taal en gebare;
  - toon bewustheid van gemene waardes wat op verskillende maniere in verskillende tale uitgedruk word (soos "ndicela" en "asseblief" wat verskillende maniere is om beleefdheid en respek uit te druk);
  - skakel van een taal na 'n ander oor, waar gepas (soos om respek vir iemand anders se taal te toon).
- Gebruik die addisionele taal om inligting oor te dra:
  - vertel 'n reeks gebeurtenisse oor deur verbindingswoorde te gebruik;
  - gee 'n reeks instruksies;
  - beskryf 'n proses;
  - beskryf die funksie van iets (soos waarvoor 'n alledaagse toestel gebruik word);
  - gesels oor 'n onderwerp waaroor voorbereiding gedoen is;
  - voer 'n klasopname uit (soos voer onderhoude met klasmaats en teken reaksies op 'n tabel of grafiek aan).

## Graad 4

### Leeruitkoms 2
### Vervolg

### PRAAT

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik die addisionele taal op 'n kreatiewe wyse:
  - vertel 'n eenvoudige storie;
  - skep 'n eenvoudige toneelstuk en voer dit op;
  - voer 'n bekende rympie, gedig of liedjie op;
  - speel 'n speletjie wat taal betrek.
- Toon bewustheid van die manier waarop taal kennis konstrueer en houdings weerspieël:
  - verwerp aftakelende benamings (soos wrede, rassistiese of xenofobiese name).
- Gebruik gepaste liggaamstaal en aanbiedingsvaardighede:
  - maak oogkontak en vroetel nie;
  - gebruik gepaste gebare en gesigsuitdrukkings;
  - praat hoorbaar, gebruik gepaste pouses en praat teen 'n redelike tempo.
- Gebruik gepaste taal vir verskillende doeleindes en teikengroepe:
  - gebruik taal met die gepaste formaliteitsgraad (register) in verskillende situasies (toon, woordkeuse, styl, liggaamstaal);
  - gebruik gepaste taal wanneer hoflikheidsvorme gebruik word (verskonings, versoeke, bedankings, ondersteuning);
  - identifiseer onsensitiewe of diskriminerende taalgebruik en probeer dit vermy.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik die addisionele taal op 'n kreatiewe wyse:
  - vertel 'n storie;
  - voer gedigte, liedjies en eenvoudige toneelstukke op;
  - speel speletjies wat taal betrek;
  - verbeel hom/haar moontlikhede en beskryf dit (soos wat sy/hy met R100 sal doen).

- Toon bewustheid van die manier waarop taal kennis konstrueer en houdings weerspieël:
  - verstaan hoe die manier waarop 'n mens iemand aanspreek:
    - iets omtrent jou verhouding met daardie persoon weerspieël (soos 'n leerder wat 'n onderwyseres "Juffrou" noem, 'n seun wat sy maat "ou tjommie" noem),
    - daardie persoon se identiteit in 'n negatiewe lig kan stel (soos om 'n gr. 5-leerder "baba" te noem), of in 'n positiewe lig (soos om dieselfde leerder "jong mens" te noem).

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik die addisionele taal op 'n kreatiewe wyse:
  - vertel 'n storie;
  - voer gedigte, liedjies en eenvoudige toneelstukke op;
  - maak 'n speletjie op wat taal betrek;
  - verbeel haar/hom moontlikhede en beskryf dit.

- Toon bewustheid van die manier waarop taal kennis konstrueer en houdings weerspieël:
  - begin om krities te kyk na naamgee-gebruike (soos: hoe slawe en werkers se eienaars/werkgewers vir hulle name gegee het; hoe 'n vrou dikwels haar man se van oorneem; hoe 'n pasgetroude vrou se nuwe familie vir haar 'n naam gee);
  - verwerp benamings wat vooroordeel en partydigheid oordra.

## Graad 4

### Leeruitkoms 3

**LEES EN KYK**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan sommige elemente van stories op 'n eenvoudige manier:
  - titel (soos: Kies die beste titel vir 'n storie uit 'n reeks moontlikhede en gee redes daarvoor);
  - karakters (soos: Dink aan gepaste name vir karakters sonder name);
  - let op hoe karakters en intrige aangebied word om 'n spesifieke wêreldbeskouing uit te beeld (soos: Watter rol speel seuns en meisies in die storie? Is hulle gestereotipeer of het hulle dieselfde geleenthede?);
  - let op na die rol wat prente in die skep van betekenis speel (soos: Hoe word meisies en seuns in prente uitgebeeld?).

- Toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van sommige elemente van poësie:
  - woorde wat rym (soos: kring, ring);
  - woorde wat met dieselfde klank begin (soos: lui leeu);
  - woorde wat 'n klank naboots (soos: tjirp, zoem);
  - verskillende maniere waarop tale klanknabootsende woorde gebruik (soos: "kloek-kloek" teenoor *cluck cluck* en *kri kri*).

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van die elemente van stories:
  - titel, ruimte/agtergrond en karakters (soos: pas beskrywende woorde by karakters);
  - die boodskap van die storie (waar gepas);
  - let op hoe karakters en intrige aangebied word om 'n spesifieke wêreldbeskouing uit te beeld (soos: Word ou en jong mense stereotipies voorgestel, of word die verskille realisties uitgebeeld?);
  - let op na die rol wat prente in die skep van betekenis speel (soos: Hoe word ou en jong mense in prente uitgebeeld?).

- Toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van sommige elemente van poësie:
  - woorde wat rym (soos: koning, toring);
  - woorde wat met dieselfde klank begin (soos: Slim Sannie slaap sag);
  - woorde wat 'n klank naboots (soos: miaau, kabbel);
  - vergelyking (soos: hy hardloop soos die wind).

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van die elemente van stories:
  - titel, ruimte/agtergrond en intrige (soos: vertel waarom sekere gebeure op daardie manier in 'n storie gebeur);
  - begryp karakters (soos: beskryf hoe 'n karakter voel en gesels oor moontlike redes vir hul optrede);
  - identifiseer en bespreek sosiale en etiese vraagstukke in 'n storie (soos: Is die storie regverdig?);
  - let op hoe karakters en intrige aangebied word om 'n spesifieke wêreldbeskouing uit te beeld (soos: Word mense van verskillende rasse en/of kulture stereotipies uitgebeeld, of word hul diversiteit realisties oorgedra?);
  - let op na die rol wat prente in die skep van betekenis speel (soos: Hoe word mense van verskillende rasse en/of kulture in prente uitgebeeld?);
  - stel alternatiewe maniere voor om karakters en hul optrede uit te beeld.

- Toon, op 'n eenvoudige manier, begrip van sommige elemente van poësie:
  - woorde wat rym;
  - woorde wat met dieselfde klank begin;
  - woorde wat 'n klank naboots;
  - vergelykings;
  - verwys na 'n ding asof dit 'n mens is (soos: die son glimlag);
  - party terme om hierdie elemente te beskryf (metataal) – alliterasie, klanknabootsing.

## Graad 4

### Leeruitkoms 3
### Vervolg

### Assesseringstandaarde

#### LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees vir inligting:
  - lees eenvoudige kaarte en planne (soos ’n roete);
  - lees en volg tekste wat prosedures behels (soos ’n resep);
  - lees en volg roosters;
  - lees diagramme, grafieke en tabelle (soos ’n stamboom);
  - maak, met ondersteuning, ’n opsomming van ’n paragraaf (vul byvoorbeeld ontbrekende woorde in ’n paragraaf in);
  - lees tekste oor die kurrikulum heen (soos handboeke van ander leerareas).

- Lees mediatekste:
  - Verstaan die uitleg en ontwerp van ’n plakkaat of kennisgewing.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees vir inligting:
  - lees eenvoudige kaarte en planne (vind ’n plek);
  - lees en volg tekste wat prosedures betrek (soos instruksies vir ’n wetenskapeksperiment);
  - lees diagramme, grafieke en tabelle (soos ’n vloeidiagram);
  - soeklees roosters en TV-roosters vir spesifieke inligting;
  - maak, met ondersteuning, ’n opsomming van ’n paragraaf (rangskik byvoorbeeld gegewe sinne om ’n opsomming te vorm);
  - lees tekste oor die kurrikulum heen (soos hand-boeke van ander leerareas).

- Lees en reageer op sosiale tekste (soos uitnodigings).

- Lees mediatekste:
  - lees en verstaan die uitleg en ontwerp van ’n tydskrif (soos ’n skool- of jeugtydskrif).

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees vir inligting:
  - volg instruksies, resepte, kaarte en planne;
  - soeklees roosters vir spesifieke inligting;
  - maak ’n opsomming van ’n paragraaf – identifiseer die hoofgedagte en die kernsin;
  - lees tekste oor die kurrikulum heen (soos handboeke van ander leerareas).

- Lees en reageer op sosiale tekste (soos briewe):
  - identifiseer aspekte van styl wat met teikengroep verband hou (soos: formeel en informeel).

- Lees mediatekste:
  - stel vas hoe advertensies lesers oorreed, deur die gebruik van:
    - beskrywende woorde (soos: "nuwe", "fantasties", "wonderlik"),
    - poëtiese tegnieke soos alliterasie ("’n maaltyd in ’n minuut"),
    - humor,
    - die wetenskap of bekende persoonlikhede om ’n produk te bevorder,
    - verstaan die uitleg en ontwerp van ’n tydskrif en vergelyk dit met dié van ’n koerant.

## Graad 4

### Leeruitkoms 3
Vervolg

**LEES EN KYK**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees vir genot en inligting:
  - lees heelwat fiksie- en nie-fiksie-boeke op ’n gepaste lees- en taalvlak;
  - evalueer boeke in ’n boekverslag;
  - los raaisels op (soos blokkiesraaisels).

- Gebruik naslaanwerke en ontwikkel woordeskat:
  - gebruik ’n woordeboek;
  - demonstreer ’n leeswoordeskat van ongeveer 1 000 tot 2 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ’n ander leerarea gebruik, behoort hulle na 2 500 woorde te mik.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees vir genot en inligting:
  - lees heelwat fiksie- en nie-fiksie-boeke op 'n gepaste lees- en taalvlak;
  - evalueer boeke in 'n boekverslag;
  - lees 'n eenvoudige boekresensie;
  - los woordraaisels op.

- Gebruik naslaanwerke en ontwikkel woordeskat:
  - gebruik 'n woordeboek;
  - demonstreer 'n leeswoordeskat van ongeveer 2 000 tot 3 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in 'n ander leerarea gebruik, behoort hulle na 3 500 woorde te mik.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees vir genot en inligting:
  - lees baie fiksie- en nie-fiksie-boeke op 'n gepaste lees- en taalvlak;
  - lees nuwe soorte tekste (soos dagboek-inskrywings);
  - evalueer boeke in 'n boekverslag;
  - lees 'n eenvoudige boek- of filmresensie;
  - los woordraaisels op.

- Gebruik naslaanwerke en ontwikkel woordeskat:
  - gebruik die inhoudsopgawe en indeks om inligting op te spoor;
  - gebruik 'n woordeboek;
  - demonstreer 'n leeswoordeskat van ongeveer 3 000 tot 5 000 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in 'n ander leerarea gebruik, behoort hulle na 5 000 woorde te mik.

## Graad 4

### Leeruitkoms 4

**SKRYF**

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf om inligting oor te dra:
  - teken en skryf byskrifte by eenvoudige kaarte, diagramme, grafieke en tabelle;
  - maak lyste met opskrifte;
  - skryf eenvoudige instruksies;
  - beskryf gebeurtenisse skriftelik;
  - druk mening skriftelik uit (soos of 'n boek interessant of vervelig is);
  - gebruik 'n raam of struktuur om 'n boekresensie te skryf.

- Skryf vir 'n sosiale doel:
  - skryf 'n eenvoudige nota of boodskap.

- Skryf kreatief:
  - gebruik sekere tegnieke om kreatief te skryf:
    - woorde wat rym (soos: kring, ring),
    - woorde wat met dieselfde klank begin (soos: haastige hond),
    - herhaling van dieselfde strukture om 'n poëtiese ritme en patroon te skep, soos "Die wind waai, die blare ritsel, die gras wuif, die herfs roep ...";
  - skryf 'n eenvoudige toneelstuk of dialoog met behulp van gestruktureerde ondersteuning;
  - skryf 'n eenvoudige storie met behulp van gestruktureerde ondersteuning.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf om inligting oor te dra:
  - teken en skryf byskrifte by eenvoudige kaarte, diagramme, grafieke en tabelle;
  - skryf ’n reeks instruksies;
  - beskryf gebeurtenisse skriftelik;
  - skryf ’n resep;
  - gee ’n kort, skriftelike beskrywing van ’n persoon, voorwerp of eenvoudige proses;
  - druk mening skriftelik uit en gee ’n rede daarvoor (soos waarom ’n boek interessant of vervelig is);
  - skryf ’n boekresensie.

- Skryf vir ’n sosiale doel:
  - skryf ’n kort boodskap soos ’n poskaart.

- Skryf kreatief:
  - skryf ’n eenvoudige storie;
  - gebruik sekere tegnieke om kreatief te skryf:
    - woorde wat rym (soos: gons, miaau),
    - woorde wat met dieselfde klank begin (soos: gawe Gawie),
    - laat ’n ding soos ’n mens klink (soos: die gras sing),
    - herhaling van dieselfde strukture om ’n poëtiese ritme en patroon te skep, soos "Die wind waai, die blare ritsel, die gras wuif, die herfs roep ...".

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf om inligting oor te dra:
  - teken en skryf byskrifte by kaarte, diagramme, grafieke en tabelle;
  - gee ’n skriftelike beskrywing van ’n persoon, voorwerp of eenvoudige proses;
  - gebruik ’n raam of struktuur om ’n eenvoudige verslag te skryf (soos vir ’n wetenskap-eksperiment);
  - druk mening skriftelik uit en gee redes daarvoor (soos hoekom een gedig beter as ’n ander gedig is);
  - skryf ’n boekresensie.

- Skryf vir sosiale doeleindes:
  - gebruik ’n raam om ’n eenvoudige, vriendskaplike brief te skryf;
  - identifiseer sommige verskille tussen formele en informele styl (soos woordkeuse);
  - skryf vir persoonlike nabetragting (soos ’n dagboekinskrywing).

- Skryf kreatief:
  - toon ontwikkeling in die vermoë om verhale, toneelstukke en dialoë te skryf (soos deur sommige poëtiese tegnieke te gebruik om interessante titels te skep en deur dialoog by verhale in te sluit).

# Graad 4

## Leeruitkoms 4 Vervolg

### SKRYF

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir ’n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwerp mediatekste:
  - ontwerp ’n eenvoudige plakkaat of kennisgewing.

- Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:
  - skryf paragrawe met behulp van ’n raam of struktuur as ondersteuning;
  - spel bekende woorde korrek;
  - begin om ’n groter verskeidenheid leestekens te gebruik.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwerp mediatekste:
  - ontwerp 'n eenvoudige plakkaat of kennisgewing.

- Hanteer skryf as 'n proses:
  - skryf konsepweergawes (kladwerk);
  - lees dit krities deur;
  - kry terugvoering van die onderwyser en maats;
  - herskryf die stuk na terugvoering.

- Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:
  - verstaan en begin verskillende skryfstyle gebruik (soos: gesproke of informele styl en skriftelike of formele styl);
  - spel bekende woorde korrek;
  - gebruik 'n groter verskeidenheid leestekens.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwerp mediatekste:
  - ontwerp 'n plakkaat, 'n eenvoudige advertensie en 'n eenvoudige vraelys;
  - skryf 'n eenvoudige nuusberig.

- Verstaan die skryfproses:
  - skryf konsepweergawes (kladwerk), lees dit krities deur, kry terugvoering van die onderwyser en klasmaats en herskryf dit;
  - verstaan die verskil tussen:
    - herskryf (verander inhoud en struktuur), en
    - redigering (maak foute reg);
  - redigeer eie skryfwerk.

- Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:
  - pas kennis van taalstrukture toe (soos grammatika, spelling, punktuasie, grammatikale verskille tussen huis- en addisionele taal) om eie en ander se werk te redigeer;
  - gebruik taalhulpmiddele (soos 'n woordeboek).

# Graad 4

## Leeruitkoms 5

### DINK EN REDENEER

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal oor die kurrikulum heen:
  - verduidelik sekere konsepte wat in ander leerareas gebruik word (soos voeding in Lewensoriëntering);
  - toon die vermoë en kennis om woordeskat uit ander leerareas te gebruik;
  - verstaan en skryf tekste wat in ander leerareas gebruik word (soos ’n tydlyn).

- Gebruik taal om te dink:
  - begin om meer komplekse vrae te stel en beantwoord (soos: Hoekom ...? Wat dink jy ...?);
  - rangskik dinge volgens bepaalde kriteria (soos van die oudste tot die nuutste);
  - klassifiseer dinge (soos verskillende soorte voertuie) volgens bepaalde kriteria (soos die funksie en kapasiteit daarvan);
  - identifiseer ooreenkomste en verskille tussen dinge (soos tussen ’n helikopter en ’n vliegtuig);
  - onderskei die dele van ’n geheel (soos in ’n voertuig – die stuurwiel, bande, enjin);
  - verstaan oorsaak en gevolg;
  - gee eie mening en ’n rede daarvoor;
  - bespreek, met ondersteuning, voordele en nadele (soos: Hoe veilig is dit om in ’n taxi te ry);
  - skryf, met ondersteuning, eenvoudige definisies en gee voorbeelde (soos: pas ’n begrip en sy definisie by ’n voorbeeld).

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal oor die kurrikulum heen:
  - verduidelik sekere konsepte wat in ander leerareas gebruik word (soos droogte in Sosiale Wetenskappe);
  - toon die vermoë en kennis om woordeskat uit ander leerareas te gebruik;
  - verstaan en skryf tekste wat in ander leerareas gebruik word (soos 'n beskrywing van 'n eenvoudige proses in Tegnologie);
  - lees en volg instruksies vir 'n eenvoudige wetenskapeksperiment.

- Gebruik taal om te dink:
  - stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Hoekom ...? Wat dink jy ...?);
  - formuleer vrae wat op 'n teks betrekking het.
  - rangskik dinge volgens bepaalde kriteria (soos die stappe in 'n proses);
  - klassifiseer dinge volgens bepaalde kriteria (soos soogdiere teenoor reptiele);
  - identifiseer ooreenkomste en verskille;
  - onderskei die dele van die geheel;
  - beskryf oorsaak en gevolg;
  - gee menings en redes daarvoor;
  - skryf, met ondersteuning, oor voordele en nadele (soos: vul die voor- en nadele op 'n tabel in);
  - skryf eenvoudige definisies en gee voorbeelde.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal oor die kurrikulum heen:
  - verduidelik sekere konsepte wat in ander leerareas gebruik word (soos entrepreneurskap);
  - verkry en gebruik inligting uit materiaal wat in Tale en ander leerareas gebruik word;
  - toon die vermoë en kennis om woordeskat uit ander leerareas te gebruik;
  - verstaan en skryf tekste wat in ander leerareas gebruik word (lees byvoorbeeld die instruksies vir 'n eenvoudige wetenskapeksperiment en skryf die resultate met ondersteuning neer).

- Gebruik taal om te dink:
  - stel en beantwoord ingewikkelder vrae (soos: Kan jy aan 'n ander verduideliking hiervoor dink?);
  - rangskik dinge volgens bepaalde kriteria;
  - ontleed die eienskappe van dinge en klassifiseer dit;
  - identifiseer ooreenkomste en verskille;
  - onderskei die dele van 'n geheel;
  - verduidelik oorsaak en gevolg;
  - bespreek voordele en nadele en skryf daaroor;
  - evalueer, maak keuses en beoordeel, en gee redes daarvoor;
  - skryf definisies en gee voorbeelde.

## Graad 4

### Leeruitkoms 5
Vervolg

**DINK EN REDENEER**

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:
  - beskryf ’n eenvoudige proses mondelings en beskryf dit, met ondersteuning, ook skriftelik;
  - ontwerp, teken en skryf byskrifte by eenvoudige kaarte, tabelle, grafieke en diagramme.

- Dra inligting van een modus na ’n ander oor:
  - luister na ’n kort praatjie en teken inligting in ’n tabel op of skryf byskrifte by ’n diagram;
  - gebruik inligting uit ’n geskrewe teks om ’n grafiek of tabel te skep of byskrifte by ’n diagram te skryf;
  - gebruik inligting uit ’n tabel, grafiek of diagram om ’n kort teks te skryf.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:
  - beskryf ’n eenvoudige proses mondelings en skriftelik;
  - ontwerp, teken en skryf byskrifte by kaarte, tabelle, grafieke en diagramme.

- Dra inligting van een modus na ’n ander oor:
  - luister na ’n praatjie en teken inligting in ’n tabel op of skryf byskrifte by ’n diagram;
  - gebruik inligting uit ’n visuele of geskrewe teks om ’n grafiek, tabel of diagram te teken en byskrifte daarby te skryf;
  - gebruik inligting uit ’n grafiek, tabel of diagram om ’n teks te skryf;
  - maak ’n kopkaart-opsomming van ’n kort teks.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:
  - voer eenvoudige navorsing uit (soos ’n verkeersopname);
  - ontwerp, teken en skryf byskrifte by kaarte, tabelle, grafieke en diagramme.

- Dra inligting van een modus na ’n ander oor:
  - luister na ’n praatjie en teken inligting in ’n tabel op of skryf byskrifte by ’n diagram;
  - gebruik inligting uit ’n visuele of geskrewe teks om ’n grafiek of tabel te skep of byskrifte by ’n diagram te skryf;
  - gebruik inligting uit ’n tabel, grafiek of diagram om ’n teks te skryf;
  - maak ’n kopkaart-opsomming van ’n kort teks.

## Graad 4

### Leeruitkoms 6

**TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK**
Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Spel bekende woorde korrek:
  - maklike woorde, soos woorde wat op *d* en *t* eindig (soos: noot, hond);
  - alledaagse woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: boom/bome; blom/blomme);
  - gebruik hoofletters en skryftekens (kappie en deelteken) in alledaagse woorde;
  - gebruik algemene afkortings (soos: mnr., mev., me., mej.).

- Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:
  - sommige vraagvorme (Hoekom het jy nie ...? Het jy al ooit ...? Dink jy ...?);
  - enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde en voorwerp (soos: Die kind lees die boek);
  - die verskillende tydsvorme (soos: Ek hou van skool; Sy het dit gedoen; Ons sal hom môre sien);
  - alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (soos: Ek gaan vandag dorp toe);
  - eenvoudige voorbeelde van die ontkennende vorm (soos: Ek werk nie; Ek kan nie gaan nie);
  - die enkelvoud- en meervoudsvorm, verkleiningsvorm en geslagsvorme van alledaagse woorde (soos: rok/rokke; appel/appels; boekie; skoentjie; man/vrou; seun/meisie);

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Spel bekende woorde korrek:
  - maklike woorde, soos woorde wat met *f* en *v* begin (soos: familie, vriende);
  - alledaagse woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: jaar/jare; pen; penne);
  - gebruik hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken) in alledaagse woorde;
  - gebruik algemene afkortings (soos: mnr., mev., me., mej.).

- Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:
  - sommige vraagvorme (Hoekom is ...? Het jy ...? Dink jy ...?);
  - enkelvoudige sinne met ’n onderwerp, gesegde en voorwerp (soos: Hulle speel hokkie);
  - die verskillende tydsvorme (soos: Sy lees ’n boek; Hy het die werk gedoen; Ons sal die wedstryd wen);
  - alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (soos: Ons moet agtuur daar wees);
  - eenvoudige voorbeelde van die ontkennende vorm (soos: Ek speel nie; Ons het dit nie gedoen nie);
  - die enkelvoud- en meervoudsvorm, verklein-ings-vorm en geslagsvorme van alledaagse woorde (soos: jaar/jare; kind/kinders; hondjie; boompie; oom/tante; mannetjie/wyfie);

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Spel bekende woorde korrek:
  - algemeen gebruikte woorde (soos: vyftien, moeilik, wêreld, veertien);
  - woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: wanneer, gelukkig);
  - gebruik hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingstekens) in alledaagse woorde;
  - gebruik algemene afkortings (soos: Ma., Di., dr., gr.);
  - gebruik kennis van lettergrepe om woorde aan die einde van ’n reël korrek af te kap.

- Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:
  - sommige vraagvorme;
  - enkelvoudige sinne met ’n onderwerp, gesegde en voorwerp (soos: Ons eet lekker toebroodjies);
  - die verskillende tydsvorme (soos: Sy skryf ’n storie; Hy het geëet; Ons sal dit pouse doen);
  - alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (soos: Ek speel dikwels buite);
  - eenvoudige voorbeelde van die ontkennende vorm (soos: Ons het nie gewen nie; Hy is nooit laat nie);
  - die enkelvoud- en meervoudsvorm, verkleiningsvorm (ook van meerlettergrepige woorde) en geslagsvorme van alledaagse woorde (soos: skool/skole; span/spanne; speletjie; kettinkie; broer/suster; man/vrou);

## Graad 4

### Leeruitkoms 6
Vervolg

**TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK**

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- eenvoudige verbuiging van adjektiewe, alledaagse trappe van vergelyking en intensiewe vorme;
- persoonlike, besitlike en vraende voornaamwoorde;
- determineerders en telwoorde (soos: ’n, die; een, tweede, min, baie);
- alledaagse voorsetsels, byvoorbeeld om plek aan te dui (soos: in, onder, bo, langs);
- die woorde "toe", "wanneer", "dan" korrek in die verskillende tye;
- hulpwerkwoorde om moontlikheid, waarskynlikheid en noodwendigheid uit te druk (soos: Ek wil/kan/sal dit doen);
- voegwoorde: en, maar, want;
- hoofletters en leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepteken).

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- eenvoudige verbuiging van adjektiewe, alledaagse trappe van vergelyking en intensiewe vorme;
- persoonlike, besitlike en vraende voornaamwoorde;
- determineerders en telwoorde (soos: ’n, die; eerste, twee, min, baie);
- alledaagse voorsetsels, byvoorbeeld om plek en tyd aan te dui (soos: in, onder, voor, na);
- die woorde "toe", "wanneer", "dan" korrek in die verskillende tye;
- hulpwerkwoorde om moontlikheid, waarskynlikheid en noodwendigheid uit te druk soos: Ek wil/kan/sal dit doen);
- die korrekte woordorde na voegwoorde (soos: Sy slaap, omdat sy moeg is; Hy borsel sy tande nadat hy geëet het);
- hoofsaaklik die aktiewe vorm, maar kan die passiewe vorm begin gebruik (soos: Baie tale word in SA gepraat; Die telefoon is in die 20ste eeu uitgevind);
- hoofletters en leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepteken).

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- verbuiging van adjektiewe, alledaagse trappe van vergelyking en intensiewe vorme (soos: jong, sagte; vroeër, vroegste; dolverlief);
- persoonlike, besitlike, vraende en betreklike voornaamwoorde;
- determineerders en telwoorde (soos: ’n, die; vyfde, laaste);
- alledaagse voorsetsels;
- die woorde "toe", "wanneer", "dan" korrek in die verskillende tye;
- die korrekte woordorde na voegwoorde (soos: Sy speel, maar hy lees ’n boek; Ons werk hard omdat ons goed wil doen);
- die verbinding van eenvoudige sinne met betreklike voornaamwoorde (soos: Dit is die meisie wat gewen het; Dit is die boek waarin ek skryf);
- hoofsaaklik die aktiewe vorm, maar kan die passiewe vorm gebruik (soos: Baie tale word in SA gepraat; Die telefoon is in die 20ste eeu uitgevind; Die werk sal gedoen word);
- hoofletters en leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepteken, dubbelpunt).

# Graad 4

## Leeruitkoms 6
Vervolg

### TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel sy/haar woordeskat:
  - verstaan en gebruik algemene woorde wat min of meer dieselfde beteken (soos: groot, enorm);
  - verstaan en gebruik algemene woorde met teenoorgestelde betekenis (soos: lelik/mooi);
  - gebruik eie woordeboek;
  - verstaan ongeveer 2 000 tot 3 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 4. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 3 500 woorde te mik.

## Graad 5

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel sy/haar woordeskat:
  - verstaan en gebruik algemene woorde wat min of meer dieselfde beteken (soos: lekker/ smaaklik);
  - verstaan en gebruik algemene woorde met teenoorgestelde betekenis (soos: jonk/oud);
  - gebruik maniere om woorde te vorm (soos: bou, bouer);
  - vorm eenvoudige samestellings (soos: piesang + skil = piesangskil);
  - gebruik eie woordeboek;
  - verstaan ongeveer 3 000 tot 4 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 5. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 4 500 woorde te mik.

## Graad 6

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwikkel sy/haar woordeskat:
  - verstaan en gebruik woorde wat min of meer dieselfde beteken;
  - verstaan en gebruik woorde met teenoorgestelde betekenis;
  - verstaan en gebruik woorde wat tot verwarring kan lei (soos: eie, eier, uie; duur, dier, deur);
  - gebruik algemene samestellings (soos: sportveld, skoolreëls);
  - gebruik eenvoudige voor- en agtervoegsels soos: verjaar, leerder);
  - gebruik eie verklarende en tweetalige woordeboek;
  - verstaan ongeveer 4 000 tot 5 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 6. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 5 500 woorde te mik.

# HOOFSTUK 4
# SENIOR FASE
# (Graad 7-9)

## INLEIDING

Leerders in graad 7 tot 9 berei hulle op verdere onderwys en opleiding en op die volwasse wêreld voor. Dit is dus noodsaaklik dat hulle 'n hoë vaardigheidsvlak in luister, praat, lees, skryf en dink bereik. Die Tale-leeruitkomste en -assesseringstandaarde benadruk lewens- en studievaardighede.

In hierdie fase behoort leerders:

- in staat te wees om onafhanklik te redeneer;
- in staat te wees om belangrike kwessies, insluitend omgewings- en menseregtekwessies, te debatteer;
- ingelig oor beroeps- en verdere leergeleenthede te wees;
- ingelig oor hul regte en verantwoordelikhede in 'n demokratiese, multikulturele samelewing te wees.

## Fokus

Leerders sal 'n verskeidenheid ingewikkelder tekste op 'n meer onafhanklike wyse as in laer grade lees en skryf. Die tekste sal sommige insluit wat met ander leerareas verband hou (soos met Sosiale Wetenskappe en Natuurwetenskappe). Hulle sal leer om langer tekste te skryf en sal byvoorbeeld:

- van sinne en paragrawe wat 'n proses uitdruk, na die skryf van 'n volledige wetenskaplike verslag vorder;
- van 'n kort skryfstuk na die skryf van 'n outobiografie of vollengte opstel vorder.

Leerders sal tekste wat visuele, grafiese en numeriese stof insluit, lees en skryf (soos foto's, diagramme en statistiek). Hulle sal kundigheid in ontwerp en uitleg ontwikkel.

## Studievaardighede vir Lewenslange Leer

Gedurende hierdie fase sal leerders belangrike studievaardighede vir lewenslange leer ontwikkel. Hulle sal leer om die volgende te doen:

- lees op verskillende maniere en vir verskillende doeleindes;
- verbeter leesspoed;
- vluglees en soeklees tekste;
- som tekste op;
- gebruik naslaanbronne soos tweetalige en verklarende woordeboeke, ensiklopedieë en die internet;
- benader tekste en inligting krities.

**Let Wel:**
In graad 7, 8 en 9 sal leerders voorgeskrewe literêre tekste begin lees.

# LEERUITKOMSTE

## Leeruitkoms 1: Luister

**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne 'n wye verskeidenheid situasies te reageer.**
In 'n addisionele taal is luister 'n besonder belangrike bron van nuwe taalkennis (soos woordeskat, taalidioom, grammatika en sosio-kulturele kennis).

## Leeruitkoms 2: Praat

**Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.**
Dit is 'n uitdaging om 'n addisionele taal vrymoedig en verstaanbaar te praat. Leerders benodig baie geleenthede, ondersteuning en aanmoediging om dit te kan doen.

## Leeruitkoms 3: Lees en Kyk

**Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.**
Lees is noodsaaklik vir taalontwikkeling, leesgenot, persoonlike ontwikkeling en om meer van die wêreld te leer. Lees vorm ook die grondslag vir skryf.

## Leeruitkoms 4: Skryf

**Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.**
Skryf skakel nou met lees en is 'n noodsaaklike instrument vir dink en leer oor die kurrikulum heen. Dit is 'n middel tot selfuitdrukking en persoonlike groei. Dit is nodig vir verdere studie en vir suksesvolle burgerskap.

## Leeruitkoms 5: Dink en Redeneer

**Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.**
Leerders sal ingewikkelder begrippe verstaan, ingewikkelder denkvaardighede ontwikkel en verdere strategieë leer om inligting in hul ander leerareas te verkry. Dit sal die weg na lewenslange leer baan.

## Leeruitkoms 6: Taalstruktuur en -gebruik

**Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.**

’n Goeie kennis van grammatika en woordeskat is noodsaaklik vir doeltreffende lees, skryf en praat. Grammatika en woordeskat behoort binne konteks en geïntegreerd met lees, skryf, luister en praat onderrig te word.

# ASSESSERINGSTANDAARDE EN TEKSTE

In die volgende afdelings word die assesseringstandaarde vir elke leeruitkoms vir elke graad gegee. Voorbeelde van tekste wat vir geïntegreerde taalonderrig gebruik kan word, word verskaf. Dit is nie die enigste moontlike voorbeelde nie en onderwysers kan enige ander gepaste en beskikbare tekste byvoeg.

## Graad 7

### Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Stories
- Fabels
- Legendes
- Liedjies
- Gedigte
- Grappies
- Instruksies
- Aanwysings
- Beskrywings van mense en voorwerpe
- Verslae oor gebeure
- Gesprekke
- Voorbereide praatjies
- Radioadvertensies
- Radiogeselsprogramme

## Graad 7

## Aanbevole Tekste
## Vervolg

**Geskrewe/Visueel:**
- Boeke (fiksie en nie-fiksie)
- Koerante
- Tydskrifte
- Gedigte
- Toneelstukke
- Dagboekinskrywings
- Proseduretekste (instruksies, resepte)
- Feitelike beskrywings
- Verslae (soos in wetenskap)
- Handboeke van ander leerareas
- Kennisgewings
- Boekresensies
- Roosters
- Plakkate
- Diagramme, grafieke en tabelle
- Kaarte
- Foto’s
- Woordraaisels
- Spotprente
- Strokiesprente
- Naslaanwerke (soos woordeboeke, ensiklopedieë)

**Multimedia:**
- TV-programme
- TV-advertensies
- Rolprente en video’s
- CD-ROM's en internet (waar beskikbaar)

## Graad 8

## Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Stories
- Fabels
- Legendes
- Liedjies
- Gedigte
- Grappies
- Instruksies
- Aanwysings
- Boodskappe (soos telefoonboodskappe)
- Beskrywings van mense, voorwerpe en plekke
- Verslae oor gebeure
- Gesprekke
- Voorbereide praatjies
- Radioadvertensies
- Geselsprogramme

**Geskrewe/Visueel:**

- Boeke (fiksie en nie-fiksie)
- Koerante
- Tydskrifte
- Gedigte
- Toneelstukke
- Dagboekinskrywings
- Poskaarte
- Proseduretekste (instruksies, resepte)
- Feitelike beskrywings
- Verslae (soos in wetenskap)
- Verduidelikings
- Handboeke van ander leerareas
- Advertensies
- Kennisgewings
- Plakkate
- Boek- en TV-resensies
- Diagramme, grafieke en tabelle
- Woordraaisels
- Spotprente
- Naslaanwerke (soos woordeboeke, ensiklopedieë)

## Graad 8

## Aanbevole Tekste
## Vervolg

**Multimedia:**

- TV-programme
- Weervoorspellings
- TV-advertensies
- Rolprente en video's
- CD-ROM's en internet (waar beskikbaar)

## Graad 9

## Aanbevole Tekste

**Mondeling:**

- Stories
- Fabels
- Legendes
- Liedjies
- Gedigte
- Grappies
- Instruksies
- Aanwysings
- Beskrywings van mense, voorwerpe, plekke en prosesse
- Verslae oor gebeure
- Gesprekke
- Onderhoude
- Voorbereide praatjies
- Radionuusitems
- Weerverslae

## Graad 9

## Aanbevole Tekste
## Vervolg

**Geskrewe/Visueel:**

- Boeke (fiksie en nie-fiksie)
- Koerante
- Tydskrifte
- Gedigte
- Verduidelikings
- Handboeke van ander leerareas
- Advertensies
- Kennisgewings
- Plakkate
- Boek- en TV-resensies
- Diagramme, grafieke en tabelle
- Naslaanwerke (soos woordeboeke, ensiklopedieë)

**Multimedia:**

- TV-programme
- Weervoorspellings
- Advertensies
- Rolprente en video's
- CD-ROM's en internet (waar beskikbaar)
- Toneelstukke
- Dagboekinskrywings
- Poskaarte en briewe
- Proseduretekste (instruksies, resepte)
- Feitelike beskrywings
- Verslae

## Graad 7

### Leeruitkoms 1

**LUISTER**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te luister en gepas en krities binne ’n wye verskeidenheid situasies te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word:
  - reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;
  - evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.

- Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, sportkommentaar):
  - beantwoord vrae wat toenemend moeilik word;
  - identifiseer perspektief, soos in twee vertellinge oor dieselfde insident;
  - vertel oor en som op, met ondersteuning.

- Luister vir spesifieke inligting:
  - skryf eenvoudige aantekeninge (soos voltooi gegewe aantekeninge; maak ’n lys belangrike punte);
  - gebruik inligting om ’n tabel in te vul of byskrifte by ’n diagram te skryf.

- Luister aandagtig tydens ’n bespreking:
  - reageer op idees en toon respek vir ander se standpunte;
  - vra vir bydraes van ander en reageer daarop;
  - druk verskille op ’n hoflike wyse uit en onderbreek nie ander nie.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word:
  - reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;
  - evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.
- Verstaan mondelinge tekste (soos oorvertellings, radiodramas):
  - beantwoord toenemend moeilike vrae;
  - identifiseer perspektief/standpunt;
  - vertel oor en som op;
  - beskryf die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos ’n praatjie, ’n storie).
- Luister vir spesifieke inligting:
  - maak eie eenvoudige aantekeninge;
  - gebruik inligting om ’n tabel in te vul of byskrifte by ’n diagram te skryf.
- Luister aandagtig tydens ’n bespreking:
  - is ontvanklik vir idees en respekteer ander se standpunte;
  - vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte;
  - is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op ’n hoflike wyse en onderbreek nie;
  - kritiseer idees en nie die persoon nie.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Verstaan en waardeer stories, asook dié wat deur medeleerders vertel word:
  - reageer persoonlik en krities, stel en beantwoord vrae;
  - evalueer die manier waarop die storie vertel is en gee terugvoering.
- Verstaan mondelinge tekste (soos geselsprogramme, tekste met statistiek):
  - beantwoord vrae;
  - vertel oor en som op;
  - identifiseer standpunt/perspektief en is in staat om ’n alternatiewe standpunt te gee;
  - ontleed die kenmerke van verskillende soorte mondelinge tekste (soos ’n gesprek, ’n verhaal).
- Luister vir spesifieke inligting:
  - skryf eie eenvoudige aantekeninge;
  - gebruik inligting om ’n tabel in te vul of byskrifte by ’n diagram te skryf.
- Luister aandagtig tydens ’n bespreking:
  - is ontvanklik vir idees en is krities teenoor ander se standpunte, maar toon respek;
  - vra vir bydraes van ander en reageer op standpunte;
  - is bereid om ander se standpunte te bevraagteken, maar doen dit op ’n hoflike wyse en onderbreek nie;
  - kritiseer idees en nie die persoon nie.

## Graad 7

### Leeruitkoms 2

**PRAAT**

Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Vertaal
  - vertel stories uit die huistaal oor in die addisionele taal.
- Voer interaksie in die addisionele taal:
  - gebruik taal vir 'n wye verskeidenheid funksies: gee uitdrukking aan menings en gevoelens, maak keuses, gee raad en maak voorstelle (soos: Ek dink jy moet …);
  - neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos formele en informele telefoongesprekke).
- Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.
- Begin sosiale en etiese kwessies debatteer:
  - ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);
  - betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy?);
  - onderbreek die bespreking op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my …);
  - gee mening/standpunt en redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want …);
  - toon instemming (soos: Ek stem saam …) of nie (soos: Ja, maar ...);
  - wissel tale af, indien nodig.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Vertaal en tolk:
  - vertel stories uit die huistaal oor in die addisionele taal;
  - vertaal of tolk boodskappe.
- Voer interaksie in die addisionele taal:
  - gebruik taal vir 'n wye verskeidenheid funksies: bied bv. hulp aan en rig 'n uitnodiging (soos: Sal jy daarvan hou om …?);
  - neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos rapporteer 'n misdaad aan die polisie).
- Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.
- Debatteer sosiale en etiese kwessies:
  - ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);
  - betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy hiervan?);
  - onderbreek die gesprek op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my …);
  - gee mening en die redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want ...);
  - toon instemming (soos: Ek stem saam, want ...) en meningsverskil (soos: Ja, maar ...);
  - wissel tale af, waar nodig.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Vertaal en tolk:
  - vertel stories uit die huistaal oor in die addisionele taal;
  - vertaal of tolk boodskappe;
  - vertaal of tolk tydens 'n gesprek, indien nodig.
- Voer interaksie in die addisionele taal:
  - gebruik taal vir 'n verskeidenheid funksies: rig vriendelike versoeke en vra persone om nie weer dinge te doen nie (soos: Sal jy omgee om nie ...), vra raad van vriende of vreemdelinge (soos: Verskoon my, ek wonder of …);
  - neem deel aan rolspel in verskillende situasies wat verskillende soorte taalgebruik behels (soos 'n werksonderhoud).
- Toon ontwikkeling in die vermoë om kenmerke van gesproke taal te gebruik om te kommunikeer: woord- en sinsaksent, intonasie, ritme.
- Debatteer sosiale en etiese kwessies deur oorredend te argumenteer en krities te reageer:
  - ken spesifieke rolle toe (soos voorsitter, tydhouer, sekretaris);
  - betrek ander by die bespreking (soos: Wat dink jy hiervan?);
  - onderbreek die gesprek op 'n hoflike wyse (soos: Verskoon my …);
  - gee eie mening en redes daarvoor (soos: Ek sê dit, want …);
  - toon instemming (soos: Ek stem saam, want ...) en meningsverskil (soos: Ja, maar ...);
  - wissel tale af, indien die situasie dit vereis.

## Graad 7

### Leeruitkoms 2
### Vervolg

**PRAAT**
Die leerder is in staat om vrymoedig en doeltreffend in gesproke taal binne 'n wye verskeidenheid situasies te kommunikeer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Toon 'n kritiese bewustheid van eie taalgebruik:
  - gebruik taal om mense by situasies te betrek en nie uit te sluit nie.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Voer ’n onderhoud:
  - formuleer en stel relevante vrae;
  - gebruik die korrekte toon, register en liggaamstaal;
  - teken response aan.

- Toon ’n kritiese bewustheid van eie taalgebruik:
  - gebruik taal om mense by situasies te betrek en nie uit te sluit nie;
  - is diplomaties oor wanneer om die addisionele taal en wanneer om die huistaal te gebruik.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Word deur iemand ondervra (soos in ’n werks-onderhoud):
  - voorspel die vrae wat gevra gaan word en doen voorbereiding;
  - beantwoord vrae;
  - gebruik die gepaste toon, register en liggaamstaal.

- Gee ’n kort, formele praatjie of aanbieding:
  - gebruik statistiek en visuele beelde (soos ’n plakkaat);
  - kies ’n uitdagende onderwerp (soos: MIV/VIGS, menseregte, omgewingskwessies).

- Toon ’n kritiese bewustheid van eie taalgebruik:
  - gebruik taal om mense by situasies te betrek en nie uit te sluit nie;
  - is diplomaties oor wanneer om die addisionele taal en wanneer om die huistaal te gebruik;
  - toon bewustheid van die manier waarop taal kennis en identiteit konstrueer en mense posisioneer (soos wanneer ’n praatjie oor MIV/VIGS gelewer word).

## Graad 7

### Leeruitkoms 3

### Assesseringstandaarde

LEES EN KYK

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees ’n teks (fiksie of nie-fiksie):
  - identifiseer doel, teikengroep en konteks;
  - neem kennis van die manier waarop ’n teks gekonstrueer is om ’n bepaalde wêreldbeskouing oor te dra (perspektief);
  - neem kennis van die rol wat visuele beelde speel om betekenis te skep en te interpreteer;
  - identifiseer kerngedagtes;
  - toon begrip van karakter, intrige en ruimte/ agtergrond in fiktiewe tekste.

- Toon, op ’n eenvoudige vlak, begrip van sekere elemente van poësie (soos rym, vergelyking, alliterasie, personifikasie):
  - verstaan begrippe wat gebruik word om sommige van hierdie elemente te beskryf (soos personifikasie).

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees 'n verhaal (fiksie of nie-fiksie):
  - identifiseer doel, teikengroep en konteks;
  - verstaan betekenis van dinge wat nie direk genoem word nie deur afleidings te maak;
  - verduidelik en evalueer perspektief/houding in sowel die geskrewe as visuele dele van 'n teks (soos besluit of die wêreldbeskouing wat voorgestel word, aanvaarbaar of stereotipies is);
  - onderskei tussen kern- en ondergeskikte gedagtes;
  - toon begrip van karakter, intrige en ruimte/agtergrond in fiktiewe tekste.

- Verstaan sommige elemente van poësie (soos vergelyking, klanknabootsing):
  - verstaan begrippe wat gebruik word om sommige van hierdie elemente te beskryf (soos vergelyking).

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees 'n verhaal (fiksie of nie-fiksie):
  - identifiseer die doel, teikengroep en konteks;
  - verstaan betekenis van dinge wat nie direk genoem word nie deur afleidings te maak;
  - identifiseer die register/styl (formeel of informeel);
  - verduidelik en evalueer perspektief/houding in sowel die geskrewe as visuele dele van 'n teks en bied alternatiewe idees;
  - verstaan die manier waarop 'n teks 'n leser posisioneer (soos deur die gebruik van die inklusiewe voornaamwoord "ons");
  - onderskei tussen kern- en ondergeskikte gedagtes;
  - toon begrip van karakter, intrige, ruimte/agtergrond en verteller in fiktiewe tekste;
  - vergelyk verskillende tekssoorte en bring dit in verband met die doel van die teks (soos oorreding, instruksies).

- Verstaan sommige elemente van poësie (soos metafoor, ritme):
  - verstaan begrippe wat gebruik word om sommige van hierdie elemente te beskryf (soos metafoor).

## Graad 7

### Leeruitkoms 3
### Vervolg

**LEES EN KYK**
Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees en reageer op sosiale tekste (soos eenvoudige uitnodigings, briewe):
  - identifiseer doel, teikengroep en konteks.

- Lees vir inligting:
  - volg feitelike tekste (soos 'n beskrywing van die proses om papier te maak);
  - lees eenvoudige diagramme, grafieke en tabelle;
  - som inligting op.

- Ontleed advertensies en pamflette:
  - identifiseer die teikengroep (Op wie is die advertensie gemik?);
  - identifiseer die konteks (Waar word dié soort advertensies gesien?);
  - identifiseer die boodskap;
  - identifiseer emotiewe (affektiewe) taal;
  - beskryf hoe die advertensie haar/hom laat voel en gee redes.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees en reageer op sosiale tekste (soos vriendskaplike briewe, kennisgewings):
  - identifiseer doel, teikengroep en konteks;
  - beskryf die kenmerke van die soort teks wat gelees word (soos ’n vriendskaplike brief).
- Lees vir inligting:
  - lees feitelike tekste (soos ’n verduideliking van hoe iets soos die niere funksioneer);
  - lees toenemend komplekse grafieke, diagramme en tabelle;
  - som inligting op.
- Ontleed foto’s in tekste (soos in advertensies en koerante):
  - identifiseer die onderwerp, konteks, teikengroep en die boodskap van die foto;
  - identifiseer uit wie se perspektief die foto geneem is;
  - identifiseer wat uit die foto weggelaat is en gee redes daarvoor;
  - besluit of die foto ’n blywende indruk skep of nie en gee redes.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Lees en reageer op sosiale tekste (soos eenvoudige sakebriewe):
  - identifiseer doel, teikengroep en konteks;
  - beskryf die kenmerke van die soort teks wat gelees word (soos ’n eenvoudige advertensie vir ’n betrekking);
  - lewer kommentaar op register/styl (formeel en informeel);
  - ontleed perspektief, konstruksie van betekenis en die manier waarop die leser geposisioneer word.
- Lees vir inligting:
  - lees feitelike tekste (soos ’n kort koerantberig);
  - lees toenemend moeilike grafieke en diagramme;
  - lees tekste wat statistiek bevat;
  - som inligting op.
- Ontleed mediatekste krities (soos ’n kort koerantberig):
  - identifiseer onderwerp, konteks, teikengroep en boodskap van geskrewe en visuele tekste;
  - ontleed die tekssoort en register/styl (soos: koerantberigte het opskrifte, gebruik kort sinne en paragrawe, die direkte rede en kort, alledaagse adjektiewe om die leser se aandag te trek).

## Graad 7

### Leeruitkoms 3
### Vervolg

**LEES EN KYK**

Die leerder is in staat om vir inligting en genot te lees en te kyk en krities op die estetiese, kulturele en emosionele waardes in tekste te reageer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik leesstrategieë:
  - pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe (soos: soeklees 'n telefoongids; stiplees instruksies; vluglees 'n koerant se opskrifte);
  - gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/ diagramme; vra iemand om woorde te vertaal);
  - begin om leesspoed te verbeter en te evalueer.

- Lees vir genot:
  - lees fiktiewe en nie-fiktiewe tekste op die gepaste lees- en taalvlak;
  - lees enkele nuwe tekssoorte (soos 'n roman);
  - evalueer 'n teks deur 'n boekverslag te skryf;
  - lees 'n eenvoudige boekresensie;
  - los woordraaisels op (soos blokkiesraaisels).

- Toon begrip van die gebruik van naslaanwerke:
  - gebruik die inhoudsopgawe en indeks om inligting op te spoor;
  - gebruik 'n woordeboek en verstaan 'n woordeboek-inskrywing (spelling, klem, uitspraak, woordsoort, betekenis);
  - gebruik 'n eenvoudige tesourus.

- Demonstreer 'n leeswoordeskat van 4 000 tot 5 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 5 500 woorde te mik.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik leesstrategieë:
  - pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe (soos: soeklees 'n treinrooster; stiplees instruksies; vluglees 'n koerantberig vir kernidees);
  - verbeter en evalueer leesspoed;
  - gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende teks; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek die woordbetekenis in die huistaal).

- Lees vir genot:
  - lees fiktiewe en nie-fiktiewe tekste op die gepaste lees- en taalvlak;
  - lees enkele nuwe tekssoorte (soos speurverhale);
  - lees en skryf boekverslae.

- Toon begrip van die gebruik van naslaanwerke:
  - gebruik die inhoudsopgawe en indeks om inligting op te spoor;
  - gebruik 'n woordeboek en 'n eenvoudige tesourus.

- Demonstreer 'n leeswoordeskat van 5 000 tot 6 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 6 500 woorde te mik.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik leesstrategieë:
  - vluglees tekste – identifiseer die onderwerp, kerngedagtes en bladuitlegtegnieke (soos illustrasies);
  - pas gepaste leestegnieke op verskillende tekssoorte toe;
  - ontwikkel en evalueer leesspoed;
  - gebruik strategieë om woordbetekenis vas te stel (soos: lees omringende woorde; kyk na illustrasies/diagramme; bespreek 'n woord in die huistaal).

- Lees vir genot:
  - lees fiktiewe en nie-fiktiewe tekste op die gepaste lees- en taalvlak;
  - lees enkele nuwe tekssoorte (soos avontuurverhale);
  - lees en skryf boekverslae.

- Toon begrip van die gebruik van naslaanwerke:
  - evalueer en kies boeke deur die inhoudsopgawe en indeks te gebruik;
  - gebruik 'n woordeboek, 'n eenvoudige tesourus en ensiklopedieë.

- Demonstreer 'n leeswoordeskat van 6 000 tot 7 500 alledaagse woorde. Indien leerders hul addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na 7 500 woorde te mik.

## Graad 7

### Leeruitkoms 4

**SKRYF**

Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf om inligting oor te dra:
  - vul vorms en roosters in;
  - skryf een of twee paragrawe om 'n proses te beskryf (soos hoe om 'n motorband om te ruil);
  - gebruik inligting uit 'n onderhoud en skryf 'n verslag of gee 'n beskrywing daarvan;
  - skryf tekssoorte nodig vir ander leerareas (soos 'n verslag).
- Skryf vir 'n sosiale doel:
  - skryf eenvoudige persoonlike briewe (soos: aanvaar 'n uitnodiging, reageer op 'n advertensie) en toon bewustheid van die kenmerke van die tekssoort.
- Skryf vir persoonlike besinning:
  - skryf dagboekinskrywings.
- Skryf skeppend:
  - toon ontwikkelende vermoë om stories, gedigte en toneelstukke te skryf (soos deur dialoog by 'n storie in te sluit).

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf om inligting oor te dra:
  - skryf ’n kort verduideliking van hoe en waarom iets gebeur (soos hoe ’n elektriese stroombaan werk);
  - skryf een of twee paragrawe oor die voordele en nadele van ’n saak (soos motors as vervoermiddel);
  - gebruik inligting uit ’n opname en skryf ’n verslag (met ’n opskrif, inleiding, bevindinge, gevolgtrekking en aanbevelings);
  - skryf tekssoorte nodig vir ander leerareas (soos ’n historiese verhaal).
- Skryf vir ’n sosiale doel:
  - skryf persoonlike briewe (soos ’n beleefde weiering) en toon bewustheid van die tekssoort, doel, teikengroep, konteks en register/styl;
  - skryf e-posboodskappe.
- Skryf vir persoonlike besinning:
  - skryf dagboekinskrywings.
- Skryf skeppend:
  - toon ontwikkelende vermoë om verhale, gedigte en toneelstukke te skryf (soos deur figuurlike taal te gebruik);
  - vertaal stories (en ander tekste) uit die huistaal.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Skryf om inligting oor te dra:
  - skryf langer tekste bestaande uit verskeie paragrawe wat prosesse en prosedures beskryf – gee verduidelikings, voordele en nadele, argumente ten gunste van en teen;
  - skryf tekste wat grafieke en statistiek insluit.
  - doen ’n opname en teken bevindinge op (soos as ’n verslag of koerantberig);
  - skryf tekssoorte nodig vir ander leerareas (soos ’n verduideliking van hoe ’n stroombaan werk vir Tegnologie).
- Skryf vir ’n sosiale doel:
  - skryf ’n eenvoudige sakebrief (soos ’n werksaansoek, CV en dekbrief);
  - skryf informele en redelik formele e-posboodskappe;
  - stel ’n agenda vir ’n vergadering op en skryf die notule (soos van ’n SR-vergadering);
  - toon bewustheid van tekssoort, doel, teikengroep, konteks en register/styl.
- Skryf vir persoonlike besinning:
  - skryf ’n dagboek of ’n joernaal.
- Skryf skeppend:
  - vertaal verhale (en ander tekste) uit die huistaal, probeer om die taalidioom daarin te vervat en let op hoe dit (en dikwels ook waardes) in twee tale kan verskil;
  - toon ontwikkeling in die skryf van stories, gedigte en toneelstukke.

## Graad 7

### Leeruitkoms 4
### Vervolg

### SKRYF
Die leerder is in staat om verskillende soorte feitelike en verbeeldingstekste vir 'n wye verskeidenheid doeleindes te skryf.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwerp mediatekste:
  - gebruik 'n raam om 'n eenvoudige advertensie te ontwerp;
  - gebruik 'n raam om 'n eenvoudige brosjure te ontwerp.

- Benader skryf as 'n proses:
  - beplan 'n skryfstuk volgens die doel, teikengroep en konteks;
  - skryf 'n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities;
  - gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;
  - gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;
  - skenk aandag aan ontwerp en uitleg.

- Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:
  - skryf 'n samehangende teks (soos deur voornaamwoorde te gebruik);
  - begin om bewustelik vanuit 'n sekere perspektief te skryf.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwerp mediatekste:
  - ontwerp ’n eenvoudige advertensie of pamflet;
  - skryf ’n eenvoudige nuusberig.
- Benader skryf as ’n proses:
  - skryf ’n konsepweergawe en lees en bespreek dit krities;
  - gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;
  - gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;
  - skenk aandag aan ontwerp en uitleg.
- Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:
  - skryf ’n samehangende teks (soos deur verbindingswoorde te gebruik om paragrawe te skakel);
  - skryf goeie paragrawe met een hoofgedagte, ’n kernsin en ondergeskikte idees/sinne en is in staat om daaroor na te dink;
  - skryf tekste met ’n inleidende en slotparagraaf;
  - skryf vanuit ’n spesifieke perspektief.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Ontwerp mediatekste:
  - skryf eenvoudige, persoonlike advertensies (soos adverteer iets wat te koop is);
  - ontwerp ’n tydskrifvoorblad, ’n CD- en boekomslag.
- Benader skryf as ’n proses:
  - skryf ’n konsepweergawe en lees en bespreek eie skryfwerk krities;
  - gebruik terugvoering om te hersien, te redigeer en te herskryf;
  - gebruik kennis van grammatika en spelling om te redigeer;
  - evalueer ontwerp en bladuitleg.
- Gebruik ontwikkelende kennis van taalstruktuur en -gebruik:
  - toon begrip van styl en register (soos herskryf ’n verhaal as ’n koerantberig);
  - toon begrip van die inligtingstruktuur van tekste;
  - skryf samehangende, langer skryfstukke met ’n inleidende en slotparagraaf;
  - evalueer eie houding krities;
  - begin verstaan hoe eie skryfwerk die leser posisioneer.

## Graad 7

### Leeruitkoms 5

**DINK EN REDENEER**

Die leerder is in staat om taal vir dink en redeneer te gebruik en inligting vir leer te verkry, verwerk en gebruik.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal en geletterdheid oor die kurrikulum heen:
  - verstaan sommige begrippe uit ander leerareas en gebruik die woordeskat wat daarmee verband hou (soos "handel" in Ekonomiese en Bestuurswetenskappe);
  - verstaan en skryf tekste wat in ander leerareas gebruik word (soos ’n feitelike beskrywing in Natuurwetenskappe).
- Gebruik taal om te dink:
  - stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Wat sal gebeur as …?);
  - definieer en klassifiseer.
- Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:
  - kies relevante inligting en skryf aantekeninge (identifiseer kernwoorde en -sinne, stel ’n lys belangrike punte saam);
  - doen eenvoudige navorsing en skryf ’n verslag wat instrumente soos grafieke, tabelle, diagramme en statistiek insluit;
  - dra inligting van een modus na ’n ander oor (soos gebruik inligting uit ’n visuele of geskrewe teks om ’n grafiek of tabel te skep of byskrifte by ’n diagram te skryf).

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal en geletterdheid oor die kurrikulum heen:
  - verstaan sommige begrippe uit ander leerareas en gebruik die woordeskat wat daarmee verband hou (soos "simptoom" in Lewensoriëntering);
  - verstaan en skryf tekste wat in ander leerareas gebruik word (soos ’n verduideliking van die werking van die niere);
  - gebruik visuele of grafiese materiaal wat tekste aanvul (soos ’n diagram in ’n verduideliking).
- Gebruik taal om te dink:
  - stel en beantwoord meer komplekse vrae (soos: Indien dit verander, wat sal ook verander?);
  - skryf definisies, klassifikasies en veralgemenings;
  - verstaan en gebruik bewyse wat ’n teorie of argument staaf (soos ’n foto, voorwerpe uit die verlede, ’n onderhoud met ’n getuie).
- Versamel inligting en teken dit op verskillende maniere op:
  - kies relevante inligting en skryf aantekeninge; (rangskik punte onder hofies; gebruik afkortings);
  - lees en gee ’n samevatting van inligting uit twee eenvoudige tekste oor dieselfde onderwerp;
  - dra inligting van een modus na ’n ander oor (soos van ’n kopkaart na ’n beskrywing).

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Gebruik taal en geletterdheid oor die kurrikulum heen:
  - verstaan sommige begrippe uit ander leerareas en gebruik die woordeskat wat daarmee verband hou (soos "xenofobie" in Sosiale Wetenskappe);
  - skryf tekste wat in ander leerareas gebruik word (soos verslae en verduidelikings);
  - gebruik visuele of grafiese materiaal wat tekste aanvul (soos ’n diagram in verduidelikings en verslae).
- Gebruik taal om te dink:
  - stel en beantwoord meer komplekse vrae;
  - brei veralgemenings, definisies en klassifikasies uit na paragrawe;
  - dink aan voorbeelde om algemene stellings te staaf;
  - skryf lang beskrywings met voorbeelde;
  - verstaan en gebruik bewyse wat ’n teorie of argument staaf (soos wetenskaplike bewyse);
  - maak gevolgtrekkings.
- Versamel en teken inligting op verskillende maniere op:
  - kies relevante inligting en skryf aantekeninge (organiseer kernidees onder hofies en subhofies; gebruik bladuitlegtegnieke soos hoofletters en onderstreping);
  - lees en gee ’n samevatting van inligting uit verskeie tekste oor dieselfde onderwerp;
  - dra inligting van een modus na ’n ander oor (soos gebruik statistiek om paragrawe te skryf; gebruik kopkaarte).

## Graad 7

### Leeruitkoms 6

**TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK**

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Hersien grammatika wat in die vorige grade gedek is.
- Spel bekende woorde korrek:
  - woorde wat dikwels verkeerd gespel word (soos: vriende, wêreld, vyftien, wanneer);
  - woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: boom, bome; pen, penne);
  - woorde met hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingsteken);
  - algemene afkortings (soos: mnr., mev., me., mej.; afkortings vir maande en dae);
  - pas kennis van lettergrepe toe deur woorde aan die einde van 'n reël korrek af te kap.
- Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:
  - alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;
  - alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;
  - algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);
  - voornaamwoorde: persoonlik (soos: jy, u, julle), besitlik (soos: myne, hare, ons s'n), betreklik (soos: wat, met wie), vraend (soos: watter, hoekom) en onbepaald (soos: iemand, almal, 'n mens … jy/jou);
  - determineerders (soos: 'n, die) en telwoorde (soos: veertien, laaste);
  - soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin);

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Spel bekende woorde korrek:
  - woorde wat dikwels verkeerd gespel word (soos: familie, moeilik, Saterdag, gedurende);
  - woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: jaar, jare; klas, klasse);
  - woorde wat los of vas geskryf word (soos: Ons speel een uur lank in die park; Om eenuur moet ons by die huis wees);
  - woorde met hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingsteken);
  - algemene afkortings (soos: So., Ma., ens.; dr., vm., nm.);
  - pas kennis van lettergrepe toe deur woorde aan die einde van ’n reël korrek af te kap.

- Gebruik verskillende eenvoudige taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:
  - alledaagse meervouds-, geslags- en verkleiningsvorme;
  - alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;
  - algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);
  - voornaamwoorde: persoonlik (soos: jy, u, julle), besitlik (soos: hare, Stanley s’n), betreklik (soos: wat, vir wie), vraend (soos: wanneer, waarom) en onbepaald (soos: ’n mens … jy/jou);
  - determineerders (soos: ’n, die) en telwoorde (soos: twaalf, eerste);

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Spel bekende woorde korrek:
  - woorde wat dikwels verkeerd gespel word (soos: dieselfde, speel, vriendin, idee);
  - woorde met enkel- en dubbelvokale en -konsonante (soos: droom, drome; grap, grappe);
  - woorde wat los of vas geskryf word (soos: Ons ry vier uur lank daarheen; Om vieruur begin die wedstryd);
  - woorde met hoofletters en skryftekens (kappie, deelteken, koppelteken, afkappingsteken, hakies);
  - gebruik algemene afkortings (soos: gr., d.w.s., dr., SA, VSA);
  - pas kennis van lettergrepe toe deur woorde aan die einde van ’n reël korrek af te kap.

- Gebruik verskillende taalvorme en sinstrukture om mondelings en skriftelik te kommunikeer:
  - alledaagse meervouds-, geslags- en verkleinings-vorme;
  - alledaagse voorsetsels in vaste en vrye verbindings;
  - algemeen gebruikte adjektiewe (verbuiging, trappe van vergelyking, intensiewe vorme);
  - voornaamwoorde: persoonlik, besitlik, betreklik, vraend en onbepaald;
  - determineerders (soos: ’n, die) en telwoorde (soos: vyftien, laaste);
  - soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin, uitroep);
  - enkelvoudige sinne met ’n onderwerp, gesegde, voorwerp en bepalings;

# Graad 7

## Leeruitkoms 6 Vervolg

### TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK

Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

## Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- enkelvoudige sinne met ’n onderwerp, gesegde en voorwerp;
- die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomendetydsvorm;
- alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);
- die ontkennende vorm (soos: Ek hou nie van brood nie; Niemand sal dit doen nie);
- die verbinding van sinne met voegwoorde met die korrekte woordorde;
- hulpwerkwoorde om tyd en modaliteit uit te druk;
- die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm in eenvoudige sinne;
- leestekens (punt, komma, vraagteken, uitroepteken, aanhalingstekens).

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- hulpwerkwoorde om tyd en modaliteit uit te druk;
- soorte sinne (stelsin, vraagsin, bevelsin);
- enkelvoudige sinne met 'n onderwerp, gesegde, voorwerp en bepalings;
- die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomendetydsvorm;
- alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);
- die ontkennende vorm (soos: Ek speel nie tennis nie; Dit is nêrens nie);
- die verbinding van sinne met voegwoorde met die korrekte woordorde;
- die korrekte gebruik van "wanneer", "toe", "dan" in die verskillende tye;
- die gebruik van hulpwerkwoorde in beleefde versoeke (soos: Mag ek jou potlood leen?);
- eenvoudige voorbeelde van die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm;
- die direkte en indirekte rede op 'n eenvoudige vlak (soos dialoog by spotprente);
- leestekens (punt, komma, dubbelpunt, vraagteken, uitroepteken, aanhalingstekens).

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- die gebruik van die teenwoordige-, verlede- en toekomendetydsvorm;
- alledaagse bywoorde in die korrekte volgorde (tyd, wyse, plek);
- die ontkennende vorm (soos: Moenie dit doen nie; Ons was nog nie daar nie);
- die verbinding van sinne met voegwoorde en betreklike voornaamwoorde met die korrekte woordorde;
- die korrekte gebruik van "wanneer", "toe", "dan" in die verskillende tye;
- die gebruik van voorwaardelike sinstrukture (soos: As ek nie die motor gesluit het nie, sou hulle dit gesteel het);
- die gebruik van hulpwerkwoorde in beleefde versoeke (soos: Mag ek jou uitveër leen?);
- eenvoudige voorbeelde van die aktiewe (bedrywende) en passiewe (lydende) vorm;
- die direkte en indirekte rede op 'n eenvoudige vlak;
- leestekens (punt, komma, dubbelpunt, vraagteken, uitroepteken, aanhalingstekens, hakies).

## Graad 7

### Leeruitkoms 6
Vervolg

**TAALSTRUKTUUR EN -GEBRUIK**
Die leerder ken en is in staat om die klanke, woordeskat en grammatika van die taal te gebruik om tekste te skep en te interpreteer.

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Brei woordeskat uit:
  - verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: gelede, verlede; deur, dier, duur; optel, oplaai);
  - gebruik woorde wat ongeveer dieselfde beteken en woorde met teenoorgestelde betekenis;
  - brei die gebruik van afleiding uit (soos: skrywer, verjaar);
  - gebruik eenvoudige, alledaagse samestellings (soos: skooldas, koshuis);
  - gebruik woordfamilies (soos: geluk, ongeluk, gelukkig, ongelukkig);
  - gebruik ’n tweetalige en verklarende woordeboek.

- Demonstreer begrip van 4 000 tot 6 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 7. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer woorde te mik.

## Graad 8

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Brei woordeskat uit:
  - verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: eie, eier, uie; kuier, besoek; kwaad, kwaai);
  - gebruik woorde wat ongeveer dieselfde beteken en woorde met teenoorgestelde betekenis;
  - brei die gebruik van alledaagse samestellings uit (soos: skoolklok, landsvlag) en van afleidings (soos: ongelukkig, skrywer);
  - ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die natuur verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);
  - Gebruik ’n tweetalige en verklarende woordeboek en ’n tesourus.
- Demonstreer begrip van 5 000 tot 7 500 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 8. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 7 500 woorde te mik.

## Graad 9

### Assesseringstandaarde

Dit is duidelik wanneer die leerder die volgende doen:

- Brei woordeskat uit:
  - verstaan en gebruik woorde wat verwarrend kan wees (soos: verveeld, vervelig; aand, nag; spieël, speel; help, hulp);
  - toon taalgevoeligheid vir woorde (soos: *jy/julle* teenoor *u*; *mond* teenoor *bek*; *maag* teenoor *pens*);
  - gebruik enkele vergelykings (soos: so dood soos ’n mossie; so arm soos ’n kerkmuis; so koel soos ’n komkommer);
  - gebruik een woord vir ’n omskrywing (soos: ’n plek waarheen siek mense gaan – ’n hospitaal; messe, vurke, lepels – eetgerei; wortels, boontjies, patats, mielies – groente);
  - gebruik voor- en agtervoegsels om nuwe woorde te vorm (soos: bedags, weekliks, onskuldig);
  - brei gebruik van samestellings uit (soos: lewe + verhaal = lewensverhaal);
  - gebruik sinonieme en antonieme;
  - ondersoek temagerigte woorde (soos woorde wat met die liefde verband hou) en woordfamilies (soos: outobank, outomaties, outobiografie);
  - gebruik ’n tweetalige en verklarende woordeboek en ’n tesourus.
- Demonstreer begrip van 6 000 tot 8 000 alledaagse gesproke woorde binne konteks teen die einde van graad 9. Indien leerders die addisionele taal vir leer in ander leerareas gebruik, behoort hulle na meer as 8 000 woorde te mik.

# HOOFSTUK 5
# LEERDERASSESSERING

## INLEIDING

Die assesseringsraamwerk vir die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) is op die beginsels van uitkomsgebaseerde onderwys gegrond. Assessering moet op die doeltreffendste wyse moontlik 'n aanduiding van leerderprestasie verskaf en moet verseker dat leerders kennis en vaardighede integreer en toepas. Assessering moet leerders ook help om hul eie prestasie te evalueer, om doelwitte vir vordering te stel en dit behoort verdere leer aan te moedig.

Ten einde die proses van leerderassessering te ondersteun, doen hierdie Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring die volgende:

- omskryf die leeruitkomste en die gepaardgaande assesseringstandaarde in elke leerarea en vir elke graad in die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband (Graad R–9);
- kontekstualiseer die kritieke uitkomste en die ontwikkelingsuitkomste binne die leeruitkomste en assesseringstandaarde;
- plaas assesseringstandaarde sentraal in die assesseringsproses in elke graad. Assesseringstandaarde beskryf die vlak waarop leerders hul bereiking van die leeruitkoms(te) moet toon, asook die manier (diepte en breedte) waarop hulle hul prestasie moet toon.

Die volgende diagram illustreer die wisselwerking tussen die ontwerpselemente van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring:



# ASSESSERINGSBEGINSELS WAT IN UITKOMSGEBASEERDE ONDERWYS GEBRUIK WORD

## Definisie

Assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) is ’n deurlopende en beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie soos teen die assesseringstandaarde van die leeruitkomste gemeet. Dit vereis duidelik gedefinieerde kriteria en ’n verskeidenheid gepaste strategieë om onderwysers in staat te stel om opbouende terugvoering aan leerders te gee en om aan ouers en ander belangstellendes verslag te doen.

## Kernelemente

Uitkomsgebaseerde onderwys is ’n manier van onderrig en leer wat duidelik maak wat daar van leerders verwag word om te behaal. Die beginsels waarvolgens dit werk, is dat die onderwyser voor onderrig plaasvind, bepaal en noem wat leerders verwag word om te bereik. Dit is die onderwyser se taak om te onderrig ten einde leerders te help om aan die vereistes vir die assesseringstandaarde in die kurrikulum te voldoen; die leerders se taak is om dit wat die assesseringstandaarde bepaal, te leer of te doen. Assessering is noodsaaklik in uitkomsgebaseerde onderwys, want dit is nodig om te assesseer wanneer ’n leerder dit wat in elke graad vereis word, bereik het.

Ten einde leerders te help om hul volle potensiaal te bereik, behoort assessering die volgende kenmerke te hê:

- deursigtig, demokraties, duidelik gefokus;
- geïntegreer met onderrig en leer;
- gebaseer op voorafbepaalde kriteria of standaarde;
- gevarieerd ten opsigte van metodes, en kontekste;
- geldig, betroubaar, regverdig, bepaal volgens die tempo van die leerder en buigsaam genoeg om uitgebreide geleenthede te verseker.

## Doelstellings van Assessering

Die hoofdoel met die assessering van leerders is om hulle individueel te laat groei en ontwikkel, om leerders se vordering te monitor en om hul leer te fasiliteer. Ander gebruike van assessering sluit die volgende in:

- *grondlynassessering van vroeëre leer*
  Grondlynassessering word gewoonlik aan die begin van ’n graad of fase gebruik om vas te stel wat leerders reeds weet. Dit stel onderwysers in staat om leerprogramme en leeraktiwiteite te beplan.

- *diagnostiese assessering*
  Diagnostiese assessering word gebruik om vas te stel wat die aard en oorsaak van spesifieke leerders se leerstruikelblokke is. Dit word opgevolg deur gepaste strategieë vir ondersteuning of tussentrede.

- *formatiewe assessering*
  Formatiewe assessering monitor en ondersteun die leer- en onderrigproses en word gebruik om onderwysers en leerders oor ’n leerder se vordering in te lig ten einde leer te verbeter. Opbouende terugvoering word gegee om leerders in staat stel om te groei.

- *sommerende assessering*
  Sommerende assessering gee ’n geheelbeeld van ’n leerder se vordering op ’n gegewe tydstip, soos aan die einde van ’n kwartaal of jaar of wanneer ’n leerder na ’n ander skool gaan.

- *sistemiese assessering*
  Sistemiese assessering is ’n manier om die gepastheid van die onderwysstelsel te evalueer. Een komponent hiervan is die assessering van leerderprestasie ten opsigte van nasionale aanduiders. Sistemiese assessering word aan die einde van elke fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband uitgevoer. ’n Verteenwoordigende steekproef skole en leerders word provinsiaal of nasionaal vir sistemiese assessering gekies.

## DEURLOPENDE ASSESSERING

### Kenmerke van Deurlopende Assessering

Deurlopende assessering is die belangrikste metode waarvolgens assessering in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring plaasvind. Dit dek al die assesseringsbeginsels van uitkomsgebaseerde onderwys en verseker dat assessering aan die volgende vereistes voldoen:

- *vind oor ’n tydperk en voortdurend plaas:* Leer word gereeld geassesseer en die rekords van leerders se vordering word regdeur die jaar bygehou.

- *ondersteun leerders se groei en ontwikkeling:* Leerders raak aktiewe deelnemers aan die leer- en assesseringsproses, verstaan die kriteria wat vir assesseringsaktiwiteite gebruik word, is betrokke by selfevaluering, stel hul eie individuele doelwitte, besin oor hul leerproses en ervaar sodoende ’n verbetering in hul selfbeeld.

- *verskaf terugvoering oor leer en onderrig:* Terugvoering is ’n kernelement in formatiewe assessering. Metodes van terugvoering sluit in: gepaste vraagstelling, mondelinge of skriftelike kommentaar deur die onderwyser wat fokus op dit wat deur ’n assesseringsaktiwiteit bereik moes word, en aanmoediging van leerders.

- *maak voorsiening vir geïntegreerde assessering:* Dit kan beteken dat etlike verwante leeruitkomste in ’n enkele aktiwiteit gebruik word en dat verskeie assesseringsmetodes gekombineer word om te assesseer. Bevoegdheid in spesifieke leeruitkomste kan op talle verskillende maniere getoon word; dus moet ’n verskeidenheid assesseringsmetodes en geleenthede waartydens leerders hul vermoë kan toon, gebruik en verskaf word.

- *gebruik strategieë wat voorsiening vir ’n verskeidenheid leerderbehoeftes maak (taal, fisiek, sielkundig, emosioneel en kultureel):* Deurlopende assessering gee onderwysers geleentheid om sensitief vir leerders met spesiale onderwysbehoeftes te wees en om leerstruikelblokke met behulp van ’n buigsame benadering te oorkom. Leerders het almal hul eie leerstyl en leer teen hul eie tempo. Alle leerders hoef nie terselfdertyd en op dieselfde manier geassesseer te word nie.

- *maak voorsiening vir sommerende assessering:* Die akkumulasie van die resultate van deurlopende assesseringsaktiwiteite verskaf ’n geheelbeeld van ’n leerder se vordering op ’n gegewe tydstip. Sommerende assessering moet van die begin van die jaar sorgvuldig beplan word ten einde ’n verskeidenheid assessering-strategieë in te sluit – byvoorbeeld oefeninge, take, projekte, skool- en klastoetse – wat aan leerders ’n verskeidenheid geleenthede sal verskaf om te wys wat hulle geleer het.

### Assesseringstrategieë

Die keuse van watter assesseringstrategieë om te gebruik, is subjektief en uniek aan elke onderwyser, graad en skool. Dit hang ook af van die onderwyser se professionele oordeel. Die beskikbaarheid van ruimte en hulpmiddels beïnvloed hierdie besluit, maar selfs wanneer eenderse hulpmiddels beskikbaar is, verskil die manier waarop onderwysers keuses maak.

Metodes wat vir assesseringsaktiwiteite gekies word, moet gepas wees vir die assesseringstandaarde wat geassesseer word. Al die betrokke leerders en onderwysers moet ook die doel van die assessering duidelik verstaan. Bevoegdheid kan op verskeie maniere getoon word. ’n Verskeidenheid metodes is dus nodig om aan leerders geleentheid te bied om hul vaardighede ten volle te demonstreer.

### Algemene Assesseringstake

Die doel van Algemene Assesseringstake is die volgende:
- verseker konsekwentheid in onderwyseroordele;
- bevorder die stel van algemene standaarde;
- versterk die kapasiteit vir skoolgebaseerde deurlopende assessering;
- verhoog die akkuraatheid van die assesseringsproses en -instrumente;
- verseker dat skoolgebaseerde assesseringstake bevoegdheid en prestasie behoorlik assesseer;
- verseker uitgebreide geleenthede vir leerders.

Algemene Assesseringstake word op provinsiale, distriks- of groeperingsvlak gestel. Dit word deur onderwysers geassesseer en ekstern gemodereer.

## DIE BESTUUR VAN ASSESSERING

### Mense betrokke by Assessering

Die skool en die onderwysers het die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die assessering van leerders. Daar word van onderwysers verwag om ’n geldige, betroubare en geloofwaardige assesseringsproses te skep. Provinsiale beleid behoort die betrokkenheid van leerders, skoolassesseringspanne, distrikshulpdienste en ouers, soos gepas, te verseker.

## Skoolassesseringsprogram

Elke skool moet 'n assesseringsprogram gegrond op provinsiale en nasionale riglyne ontwikkel. Skole moet 'n skoolassesseringsplan en 'n span hê om die implementering van hierdie program te fasiliteer. Die span behoort verteenwoordigers van elke fase en leerarea daarin te hê.

Om 'n professionele benadering tot leerderassessering te verseker, moet die skool se assesseringsprogram die volgende duidelik uiteensit:

- die manier waarop deurlopende assessering beplan en geïmplementeer word;
- hoe rekordboeke/verslagboeke gehou moet word en die toeganklikheid en sekuriteit daarvan;
- die assesseringskodes wat deur die provinsie bepaal is;
- interne verifikasie van assessering;
- hoe moderering in die skool plaasvind;
- hoe dikwels rapportering plaasvind en die metode daarvan;
- die monitor van alle assesseringsprosesse;
- die opleiding van personeel ten opsigte van assessering.

Gebiede waar inskoolopleiding moet plaasvind, sluit in:

- hoe om kriteria vir assessering en assesseringstabelle te gebruik;
- hoe onderwysers in dieselfde graad op die vereistes vir die bereiking van assesseringstandaarde en leeruitkomste kan besluit;
- hoe om kommentaar vir assesseringsuitslae en rapporte te skryf;
- hoe om 'n algemene begrip van die skool se assesseringsprogram te verseker.

# VERSLAGHOUDING

## Verslagboeke

Goeie verslag- of rekordhouding is noodsaaklik in alle assessering, veral in deurlopende assessering. 'n Verslagboek of -lêer moet deur elke onderwyser gehou word. Dit moet die volgende bevat:

- name van leerders;
- datums van assessering;
- naam en beskrywing van assesseringsaktiwiteite;
- die uitslae van assesseringsaktiwiteite, volgens leerareas of leerprogramme;
- kommentaar vir steundoeleindes.

Alle rekords moet toeganklik wees, maklik wees om te interpreteer, veilig bewaar word, vertroulik wees en nuttig in die onderrig- en rapporteringsproses wees.

Die skoolassesseringsprogram bepaal die besonderhede van hoe verslagboeke ingevul moet word. Die assesseringskodes word gebruik om aan te dui hoe die leerder in terme van die leeruitkomste presteer. Die kodes wat gebruik word, moet duidelik en verstaanbaar vir leerders en ouers wees.

## Kodes vir Gebruik vir Assessering

Daar bestaan talle maniere waarop terugvoering oor assessering aan leerders gegee kan word en deur onderwysers opgeteken kan word. Die keuse van die beste manier van terugvoering vir ’n assesseringsaktiwiteit sal van verskeie faktore afhang, soos:

- die aantal leerders in die klas en die tyd wat die onderwyser beskikbaar het;
- die kompleksiteit en lengte van die assesseringsaktiwiteit;
- die leerinhoud of vaardighede wat geassesseer word;
- hoe gou terugvoering gegee word;
- hoe geïndividualiseer die terugvoering is;
- die kriteria (of assesseringstabel) wat die onderwyser gebruik om leerderprestasie te beskryf;
- of leerders se prestasie met klasmaats se prestasie of vorige prestasie vergelyk gaan word, en/of die vereistes van die assesseringstandaarde en leeruitkomste.

Sommige assesseringskodes is meer gepas vir sekere doeleindes as ander. Skriftelike kommentaar kan byvoorbeeld besonderhede verskaf, persoonlik wees en voorstelle vir verbetering verskaf. Dit is ook nuttig vir rapportering oor leerderprestasie ten opsigte van assesseringstandaarde. Dit neem egter lank om kommentaar te skryf en is nie baie maklik om op te teken nie. Kodes soos “Uitstekend”, “Baie goed”, “Goed”, “Bevoeg” en “Onvoldoende” is veel vinniger om te skryf en maak dit moontlik om prestasie met vorige werk te vergelyk en volgens assesseringstandaarde te assesseer. Hierdie kodes verskaf egter nie die besonderhede wat skriftelike kommentaar moontlik maak nie. Punte kan weer vinnig opgeteken word en opgetel, vermenigvuldig en gedeel word. Dit is nuttig wanneer leerders se prestasie in verhouding tot ander in die klas en tot ander grade of skole geassesseer word. Punte verskaf egter min inligting oor leerders se prestasie in terme van die assessering-standaarde.

’n Paar voorbeelde van ander assesseringskodes is:

- nog nie bereik nie; deels bereik; bereik;
- uitstekende standaard; bevredigende prestasie; benodig ondersteuning;
- A, B, C;
- frases (of assesseringstabelle) wat spesifiek vir die assesseringsaktiwiteit of rapport ontwerp is.

Dit maak nie saak watter assesseringskodes gebruik word nie, terugvoering is altyd doeltreffender wanneer dit met skriftelike kommentaar gekombineer word. Wanneer leerders skriftelike terugvoering eerder as net ’n punt ontvang, is daar ’n groter kans op verbetering in hul prestasie. Alhoewel punte en persentasies baie nuttig vir verslaghouding is omdat dit maklik is om op te teken, is dit dikwels nie nuttig vir terugvoering of rapportering nie. Ander probleme wat deur punte geskep word, is dat dit saamgevoeg en gemanipuleer kan word en dat dit veel in verband met ’n leerder se prestasie en vordering verbloem. Indien leerders meer as een assesseringsaktiwiteit gedoen het, bestaan die versoeking om die punte op te tel en die gemiddeld uit te werk. Wanneer dit gedoen word, verloor punte hul nut om spesifieke inligting oor te dra. ’n Gemiddelde of saamgevoegde punt verbloem die feit dat ’n leerder in een opsig goed aan die verlangde vereiste voldoen het, maar nie in ’n ander nie.

Punte gee ’n geheelindruk van prestasie, maar gee nie aan die leerder die redes vir die assessering van die prestasie (of gebrek aan prestasie) nie. Dit gee ook nie spesifieke riglyne vir verbetering nie. Punte beskryf verder ook nie leerdervordering oor tyd heen voldoende nie. Dikwels word dit as goeie vordering beskou wanneer ’n leerder dieselfde punt as vroeër behaal (mits dit ’n bevredigende punt is). ’n Punt van 70 vir ’n graad 5-assesseringstandaard en ’n punt van 70 vir ’n graad 6-assesseringstandaard verbloem hoe die leerder tydens die jaar gevorder het. Sodanige vordering kan beter deur middel van ’n stelling, kode of skriftelike kommentaar beskryf word.

## Nasionale Kodes

In die verslaghouding van of rapportering oor leerderprestasie in die leeruitkomste van ’n bepaalde graad moet die volgende kodes gebruik word:

**4** = Leerder se prestasie het die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***ver oortref.***
**3** = Leerder se prestasie het aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***voldoen.***
**2** = Leerder se prestasie het ***gedeeltelik*** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***voldoen.***
**1** = Leerder se prestasie het ***nie*** aan die vereistes vir die leeruitkoms vir die graad ***voldoen nie.***

## Vorderingskedules

Aan die einde van elke jaar moet ’n vorderingskedule voltooi word en deur die skoolhoof en ’n departementele amptenaar onderteken word. Die vorderingskedule is ’n verslag/rekord met ’n opsomming van inligting rakende die vordering van al die leerders in die graad in die skool.

Die vorderingskedule behoort die volgende inligting te bevat:
- naam van die skool en die skoolstempel;
- ’n lys van die leerders in elke graad;
- kodes vir vordering in elke leerarea (nasionale koderingstelsel);
- kodes vir vordering in elke graad (vordering na die volgende graad of bly in dieselfde graad);
- kommentaar op sterk punte en areas wat ondersteuning in elke leerarea benodig;
- datum en handtekening van die skoolhoof, onderwyser of ander opvoeder, en departementele amptenaar.

## Leerderprofiele

’n Leerderprofiel is ’n deurlopende verslag wat ’n volledige beeld van ’n leerder se prestasie verskaf, insluitend die holistiese ontwikkeling van waardes, houdings en sosiale ontwikkeling. Dit help die onderwyser in die volgende graad of skool om die leerder beter te verstaan en dus gepas op haar of hom te reageer. Elke leerder se leerderprofiel moet veilig bewaar word en moet leerders deur hul skoolloopbaan vergesel.

Die volgende soort inligting behoort in ’n leerderprofiel te verskyn:
- persoonlike inligting;
- fisieke toestand en mediese geskiedenis;
- skole bygewoon en ’n rekord van bywoning;
- deelname aan en prestasie in buitemuurse aktiwiteite;
- emosionele en sosiale gedrag;
- ouerbetrokkenheid;
- areas wat ondersteuning benodig;
- opsomming van oorkoepelende rapport aan die einde van die jaar;
- opsommende verslae/rekords van skooljare.

**Let Wel:**
- Die leerderprofiel vervang alle vorige deurlopende verslagdokumente wat in skole gebruik is, soos verslagkaarte en Olab-kaarte. Die sentrale doel van ’n leerderprofiel is om ’n leerder by te staan deur toegang tot die verskeidenheid inligting daarin te verskaf.
- Persoonlike inligting in ’n leerderprofiel behoort nooit vir onregverdige of diskriminerende optrede teen ’n leerder gebruik te word nie.
- Leerderprofiele moenie met portefeuljes verwar word nie. ’n Portefeulje is ’n assesseringsmetode wat die leerder en onderwyser saam geleentheid bied om werk wat vir etlike assesseringsaktiwiteite gedoen is, in ag te neem. Die werk word in ’n lêer of houer geplaas. Die leerderprofiel, daarenteen, is ’n rekord wat inligting oor ’n leerder bevat.

## RAPPORTE

### Inligting wat in Rapporte moet Verskyn

Onderwysers moet aanspreeklik teenoor leerders, ouers, die onderwysstelsel en die gemeenskap as ’n geheel wees wanneer hulle leerders assesseer. Dit vind deur rapportering plaas. Benewens skriftelike rapporte kan mondelinge of praktiese aanbiedings en uitstallings van leerders se werk ook gebruik word.

Elke rapport of verslag oor ’n leerder se algehele vordering behoort inligting in te sluit oor:
- die leer wat plaasgevind het;
- die leerder se bevoegdhede;
- ondersteuning wat nodig is;
- opbouende terugvoering, wat kommentaar oor die leerder se prestasie in verhouding tot klasmaats en die leerder se vorige prestasie ten opsigte van die vereistes van die leerprogramme of leerareas behoort te bevat.

Rapportering aan ouers behoort op ’n gereelde grondslag plaas te vind ten einde hul betrokkenheid en deelname aan te moedig. Onderwysers moet aan die einde van elke kwartaal formele rapporte of verslagkaarte vir rapportering gebruik.

Dit sal gewoonlik nie moontlik wees om inligting oor prestasie in elke leeruitkoms te gee nie. Rapporte behoort egter inligting oor prestasie in elke leerarea of leerprogram (in die geval van die Grondslagfase) te verskaf.

## Rapporte/Verslagkaarte

Die minimum vereistes vir 'n rapport is:

*1) Basiese inligting*

- naam van skool;
- naam van leerder;
- graad van leerder;
- geboortedatum van leerder;
- jaar en kwartaal;
- handtekening van ouer of voog en datum;
- handtekening van onderwyser en datum;
- handtekening van skoolhoof en datum;
- datum wanneer skool sluit en heropen;
- skoolstempel;
- skoolbywoningsprofiel;
- verduideliking van die kodes van die nasionale koderingstelsel.

*2) Sterk punte en behoeftes*

- Gee 'n beskrywing van die leerder se sterk punte en ontwikkelingsbehoeftes of areas wat ondersteuning in elke leerarea of leerprogram benodig.
- Gebruik die nasionale koderingstelsel om prestasie teen die assesseringstandaarde en in die leeruitkomste wat tot dusver gedek is, te evalueer – dit is nie nodig om 'n kode vir elke leeruitkoms te gee nie. In die rapport aan die einde van die jaar moet die leerder se algehele prestasie in die leerareas getoon word.

*3) Kommentaar op elke leerarea of leerprogram*

- Lewer kommentaar op elke leerarea of leerprogram, spesifiek in die geval van leerders wat die vereistes oortref het of ondersteuning benodig.
- Kommentaar op spesifieke sterk punte of areas wat ondersteuning benodig, behoort met die assessering-standaarde geskakel te word. Hierdie kommentaar sal ouers, leerders en ander opvoeders in staat stel om te begryp watter ondersteuning die leerder benodig.

# NASLAANLYSTE

## WOORDELYS: KURRIKULUM EN ASSESSERING

*Hier volg 'n alfabetiese lys kernterme wat in die ontwerp van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) en in die meegaande leerderassesseringsbeginsels gebruik word.*

**Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband –** die tien verpligte skooljare wat uit die Grondslag-, Intermediêre en Senior Fase bestaan

**Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat –** sertifikaat wat na suksesvolle voltooiing van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband verwerf word

**assessering –** 'n deurlopende en beplande proses van inligtingversameling oor leerderprestasie, gemeet volgens die assesseringstandaarde

**assesseringstandaarde –** die kennis, vaardighede en waardes wat leerders moet toon ten einde die leeruitkomste in elke graad te bereik

**deurlopende assessering –** 'n assesseringsmodel wat die integrasie van assessering in onderrig en in die ontwikkeling van leerders deur middel van deurlopende terugvoering aanmoedig

**formatiewe assessering –** hierdie vorm van assessering assesseer leerdervordering deur die leerproses ten einde terugvoering te verskaf wat leer sal versterk

**grondlynassessering –** aanvanklike assessering wat gebruik word om uit te vind wat leerders reeds weet

**Grondslagfase –** die eerste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad R, 1, 2 en 3

**integrasie –** 'n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring wat vereis dat leerders hul kennis en vaardighede van ander leerareas of van verskillende dele van dieselfde leerarea moet gebruik ten einde take en aktiwiteite uit te voer

**Intermediêre fase –** die tweede fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 4, 5 en 6

**kritieke uitkomste –** saam met die ontwikkelingsuitkomste die kernuitkomste van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit sluit in kern-lewensvaardighede vir leerders, soos kommunikasie, kritiese denke, aktiwiteits- en inligtingsbestuur, groep- en gemeenskapswerk en evalueringsvaardighede

**Kurrikulum 2005 –** die eerste weergawe van die post-apartheid- Nasionale Kurrikulumverklaring. Die onderwysbeleidsdokument van 1997 verskaf 'n raamwerk vir Vroeëkindontwikkeling, Algemene Onderwys en Opleiding, Verdere Onderwys en Opleiding en Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes. Die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) is daarop gerig om Kurrikulum 2005 te versterk

**leerareas –** die agt kennisvelde in die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole): Tale, Wiskunde, Natuurwetenskappe, Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Kuns en Kultuur, Lewensoriëntering, en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

**leerareaverklarings –** die verklaring vir elke leerarea wat die leeruitkomste en assesseringstandaarde vir daardie leerarea uiteensit

**leerderprofiel –** 'n omvattende verslag oor 'n leerder se vordering, insluitend persoonlike inligting, sosiale ontwikkeling, ondersteuningsbehoeftes en jaarlikse rapporte

**leerprogramme –** programme van leeraktiwiteite, insluitend inhoud en onderrigmetodes; hierdie programme word deur die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) onderlê, maar deur provinsies, skole en onderwysers ontwikkel

**leeruitkomste –** leeruitkomste spruit voort uit die kritieke en ontwikkelingsuitkomste en dui aan wat leerders aan die einde van 'n graad, fase of band moet weet en in staat moet wees om te doen

**nasionale koderingstelsel –** 'n standaard- nasionale stelsel van prestasiekodes vir gebruik om oor 'n leerder se vordering verslag te doen

**ontwikkelingsuitkomste –** saam met die kritieke uitkomste die kernuitkomste van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) en deur die Grondwet geïnspireer; dit is daarop gerig om leerders in staat te stel om doeltreffend te leer en om verantwoordelike, sensitiewe en produktiewe burgers te word

**portefeulje –** individuele lêer of omslag van elke leerder se werk

**Senior fase –** die derde en laaste fase van die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsband: graad 7, 8 en 9

**sommerende assessering –** dit verskil van formatiewe assessering aangesien dit na gereelde verslae oor 'n leerder se vordering verwys, gewoonlik aan die einde van 'n kwartaal of jaar

**taal van onderrig en leer –** die taal wat die meeste in 'n bepaalde leer- en onderrigomgewing gebruik word; sommige leerders ervaar onderrig en leer in 'n addisionele taal (nie hul huistaal nie)

**uitkomste –** die resultate aan die einde van die leerproses in uitkomsgebaseerde onderwys; hierdie uitkomste help met die vorming van die leerproses

**uitkomsgebaseerde onderwys –** ’n onderwysproses wat prestasiegeoriënteerd, aktiwiteitsgebaseerd en leerdergerig is; in die navolging van hierdie benadering is Kurrikulum 2005 en die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) daarop gerig om lewenslange leer aan te moedig

**uittreevlak –** wanneer leerders graad 9 voltooi en die Algemene-Onderwys-en-Opleidingsertifikaat verwerf

**vordering –** ’n kernontwerpsbeginsel van die Hersiene Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R–9 (Skole) wat die leerder in staat stel om geleidelik meer gekompliseerde, dieper en breër kennis, vaardighede en begrip in elke graad te ontwikkel

**vorderingskedules –** die instrument vir die aantekening van die vordering van alle leerders in ’n graad aan die einde van ’n jaar; dit sluit kodes in vir die vordering in elke leerprogram of leerarea en graad en opmerkings oor nodige ondersteuning

## WOORDELYS: TALE

**addisionele taal –** ’n bykomende taal wat geleer word

**aktiewe luister –** wanneer ’n mens aandagtig luister na wat iemand sê en probeer om jouself in die spreker se posisie te plaas

**assesseringstandaard –** die kennis, vaardighede en waardes wat leerders teen die einde van ’n spesifieke graad moet kan toon

**gebalanseerde benadering tot geletterdheid –** ’n benadering wat leerders se vormende geletterdheid ondersteun, hulle aanmoedig om boeke te geniet en om op betekenis te fokus, en wat ook aan hulle tegnieke en strategieë verskaf om die kode van die geskrewe woord te ontsluit

**geletterdhede –** daar is verskillende soorte geletterdheid: lees en skryf; kulturele geletterdheid (begrip van die kulturele, sosiale en ideologiese waardes wat ons lees van tekste vorm); kritiese geletterdheid (die vermoë om krities op die boodskap in tekste te reageer); visuele geletterdheid (die lees/skryf van beelde, tekens, prente, ens.); mediageletterdheid (die lees van koerante, tydskrifte, TV en film as kulturele boodskappe)

**geletterdheid –** die vermoë om te lees en geskrewe inligting te gebruik en om vir verskillende doeleindes te skryf; dit is ’n deel van ’n algemene vermoë om sin van ’n mens se wêreld te maak

**holistiese benadering tot taal –** ’n benadering wat al die vaardighede en verskillende soorte kennis in aktiwiteite integreer en nie op elkeen afsonderlik fokus nie

**huistaal –** die taal wat kinders leer deur by die huis en/of in hul gemeenskap konstant daaraan blootgestel te wees; meer as een taal kan op hierdie manier geleer word; kinders kan dus meer as een huistaal hê

**klankbewustheid –** die vermoë om tussen die afsonderlike klanke van ’n taal te onderskei

**kodewisseling –** om vir ’n spesifieke doel van een taal na ’n ander oor te slaan, soos om ander in te sluit, respek vir mense se taal te toon

**konteks –** die konteks waarbinne ’n teks geskep en ontvang word, verwys na die breë en onmiddellike situasie waarin dit bestaan en wat daarin oorgedra word

**leeswoordeskat –** woorde wat 'n leser in konteks verstaan. Sommige van hierdie woorde is deel van 'n leser se *aktiewe woordeskat* (woorde wat hulle gebruik); ander is deel van hul *passiewe woordeskat* (woorde wat hulle in konteks verstaan, maar nie goed genoeg ken om te gebruik nie)

**modus –** daar is verskillende modusse van kommunikasie – die geskrewe modus, die gesproke of mondelinge modus, die visuele modus (wat grafiese vorms soos tabelle insluit). Die vermoë om inligting van een modus na ’n ander te verander (soos om ’n grafiek te gebruik om ’n teks te skryf, om inligting uit ’n mondelinge teks te gebruik om byskrifte by ’n prent te skryf), is ’n baie belangrike deel van taalleer

**multimedia –** ’n geïntegreerde reeks modusse wat teks, visuele materiaal, klank, video, ens. kan insluit

**multimodale tekste –** tekste wat van meer as een kommunikasiemodus (soos klank, druk, beelde) gebruik maak

**outentieke tekste –** tekste wat in die ware wêreld gebruik word, soos tydskrifartikels, koerantberigte, radio- of televisieopnames, advertensies, verpakkingsetikette, brosjures, vorms, briewe

**raam –** ’n tydelike steun vir skryf of praat; die onderwyser kan byvoorbeeld die volgende raam vir ’n gedig verskaf:

> Rooi is die kleur van woede
> Rooi is die kleur van bloed
> Rooi is die kleur van gevaar
> Rooi is die kleur van liefde
>
> ____ is die kleur van ____
> ____ is die kleur van ____
> ____ is die kleur van ____
> ____ is die kleur van ____

**register –** die woorde, styl en grammatika wat in verskillende kontekste of situasies deur sprekers en skrywers gebruik word; amptelike dokumente word byvoorbeeld in ’n formele register geskryf, regsdokumente in ’n regsregister

**soeklees –** om jou oë oor ’n teks te laat beweeg om spesifieke inligting te vind, soos wanneer jy ’n naam of nommer in ’n telefoongids soek of ’n trein- of busrooster raadpleeg

**standaard –** die standaardvariëteit van 'n taal is die vorm wat in koerante, amptelike dokumente, taalboeke, woordeboeke en in die meeste boeke gedruk word; dit is nie noodwendig die beste vorm van die taal nie, maar is die vorm wat om historiese en/of politieke redes as die standaardvariëteit aanvaar is

**teikengroep –** die persoon of persone op wie 'n spesifieke teks gerig is, d.w.s. die persone wat daarna sal luister of kyk of dit sal lees

**teks –** enige geskrewe, gesproke of visuele vorm van kommunikasie wat die opsetlike gebruik van taal behels

**toevoegende veeltaligheid –** wanneer 'n mens 'n taal of tale benewens jou huistaal aanleer; dit vervang nie die huistaal nie, maar word saam met dit geleer

**visuele diskriminasie –** onderskeid tref tussen die vorm van verskillende letters en woorde

**vluglees –** om 'n teks baie vinnig te lees om 'n oorsig te verkry, soos om die koerantopskrifte vir hoofnuus te vluglees

**vormende geletterdheid –** dit verwys na 'n kind se groeiende kennis van die gedrukte woord. Kinders sien gedrukte teks in die omgewing en begin die doel daarvan verstaan. Wanneer stories aan hulle gelees of vertel word, leer hulle hoe stories werk en wat boeke is. Selfs voordat hulle skool toe gaan, weet hulle dus dikwels reeds baie. Hulle mag hul eie idees van letters en spelling gebruik om hul naam te probeer skryf (vormende spelling), hulle kan maak asof hulle 'n boek lees (vormende lees). Dit is die begin van kinders se geletterdheid

**vreemde taal –** 'n taal wat buite 'n land se grense gepraat word; Frans is byvoorbeeld 'n vreemde taal in Suid-Afrika

**woordbank –** 'n versameling nuwe woorde